



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 15 no. 8

Augustus 2006

Tema: Lewe uit vergewing

- **Vergewing: die Afrika konsep** 2
- **Wraak en vergewing in die Ou en Nuwe Testament** 3
- **Vergewing binne die Islam** 5
- **Hy vir wie baie vergewe is, het baie lief** 6
- Onderhoud met Apko Nap en Pieter Torenvliet 29 Junie 2006 8
- Deuteronomium 11
- Bywoning van die General Assembly van die Free Church in Southern Africa (FCSA) op 25 en 26 Mei 2006 te Dumisani, King William's Town 13
- Sending in Suid-Afrika 14
- Arbeidsterapie - wat beheld die beroep ... 17
- Is vergewing voorwaardelik of onvoorwaardelik 19
- Dooplidmate in fokus by die nagmaaldiens ... 21
- Skool en Geloofsopvoeding ... 23

DIE DEUR VAN DIE KERK

Die Heidelbergse Kategismus praat eintlik in elke Sondagsafdeling oor die vergewing van sondes. Dit kom egter spesifiek ook aan die orde in Sondag 21 wat eers handel oor die kerk en die gemeenskap van die heiliges. Dit gebeur opsetlik en baie tereg!

Calvyn het die vergewing van sondes “die deur van die kerk” genoem. As jy die deur passeer, kom jy in die gebied waar die vergewing van sondes verkondig en uitgedeel word. Dit pas perfek by mekaar. Want vergewing van sondes is nie net die deur nie, maar ook die grondslag van die kerk. Daarsonder is daar glad nie van kerk sprake nie.

Uiteraard kan daar net oor vergewing gespreek word as jy uitgaan van die sonde wat elke mens aankleef en waarmee jy self altyd weer opnuut moet worstel. Juis dan ervaar ‘n mens die rykdom van die prediking en die lewe in die geloof.

In beide die Ou en die Nuwe Testament vorm dit daarom die belangrike hoofsaak. Daarsonder sou God na die sondeval nie met die mens kon verder gaan nie. Dan sou daar nie van ‘n verbond met Abraham melding gemaak gewees nie het. Maar die **HERE** het self tussen die geslachte diere deurgegaan - die “bloedstraat” wat juis die versoening en vergewing aangedui het. En ook die verbond met Israel is deur besprinkeling van bloed ingewy, wat gewys het op die versoening wat deur Christus aangebring sou word (Ex. 24).

Daarom sluit sowel Maria as Sagaria in hulle lofsange aan by die verbondsbeloftes van barmhartigheid en genade, soos in die Ou Testament belowe is. En juis in die beloofde Messias kry die Ou Testamentiese beloftes hul vervulling.

Deesdae wil mense hierdie evangelie egter nie meer hoor nie. Omdat hulle met die werklikheid van die sonde en die genade afgereken het. Dit gaan alles oor ons lewe nou, ons welvaart en geluk. Hierdie dinge is inderdaad belangrik. Maar dit kan alleen in sy volle diepte verkry en geniet word as vrug van die vergewing van sondes.

In *Die Burger* van 26 Junie jl. word geskryf oor die moontlike eenwording van die NGK en die V(erenigende)GK. Die hoofartikel hieroor word soos volg afgesluit: “Ons hoop dat dit die kerk uiteindelik weer gaan bring by die punt waar hy sy profetiese roeping kan volbring en weer werklik relevant kan raak pleks van hom op te hou met allerhande onbenullighede.

“Dis tyd dat die kerk se stem weer duidelik gehoor word in alle kwessies wat die samelewing ten nouste raak”.

Hier word ‘n horisontalistiese opvatting verwoord wat in die laaste tientalle jare sy duisende verslaan het. Ondanks mooi woorde word die wesenlike inhoud van kerkwees en kerklike roeping verswyg.

Groot organisasies en ook groot “kerkverbande” wat uitsprake lewer oor allerlei sake beteken bitter min en kan selfs gevaarlik wees as dit nie rus in die eerste opdrag om die evangelie van vergewing te predik nie.

VERGEWING: DIE AFRIKA KONSEP

Ds Jerry Mhlanga

TEMA: LEWE UIT VERGEWING

Na die Waarheid en Versoeningskommissie sy werk voltooi het, het vergewing 'n gewilde woord geword. Die gees van vergewensgesindheid is aangemoedig, en dit was gedoen op 'n manier wat van Suid-Afrika 'n voorbeeld gemaak het vir ander Afrika lande. Een van die gewilde opmerkings was: "ons sal vergewe, maar nie vergeet nie"

Die aanmoediging om te vergewe asook die bevel om mekaar te vergewe is gesetel in die Bybel. Die verskil is dat die Bybel ons beveel om te vergewe soos God ons vergewe in Christus (Ef 4:32) Hierin kan ons sien dat daar 'n verskil is tussen wat die Bybel sê en wat mense daarin sien. Hierdie benadruk 'n baie belangrike beginsel dat alhoewel 'n mens dieselfde woorde gebruik, 'n mens nie noodwendig dieselfde taal spreek nie. Vergewing hang af van jou eie besef van sonde wat reg of verkeerd is, waar of vals, goed of sleg, gehoorsaam of ongehoorsaamheid. Hierdie artikel wil graag die tradisionele Afrika siening van vergewing bekend stel. Om te help dat u dit verstaan, sal ons moet kyk hoe hulle sonde sien en verstaan, want dit bepaal hoe hulle oor vergewing dink.

(vervolg vanaf bls 1)

Moenie dink ons moet nou met ander probleme worstel as ons voor- geslagte nie. Denkbeelde is party- keer maar betreklik. Aan die begin van die 19de eeu is sonde reeds be- skou as onvolkomenheid en verlos- sing as verligting. Tye het verander, maar in wese kry ons telkens weer met dieselfde dwalings te make.

In die stryd daarteen mag ons pleit op dieselfde genade van die HERE wat vorige geslagte verlos en reformasie gegee het en ook ons sal help en red.

Klaas Bijzet



Die siening van sonde en vergewing

Volgens die Afrika siening is sonde 'n skande in die gemeenskap en dit is nie 'n sonde voor God nie, d.w.s. die afkeuring van familie en/of gemeenskap is groter as die moontlike skuld- besef ondervind en 'n mens se ver- houding tot God. Dit is moontlik om- dat God so ver verwyderd is van die mens. Alhoewel hulle steeds sal glo dat Hy die Skepper is, is dit moeilik om in Hom te glo. Daarom het God nie bestaansreg nie en die enigste manier om Hom te dien is dan deur die voorvaders en die gemeenskap.

In hierdie opsig is die voorvaders en die ouderlinge dan die voogde (of bewaarders) en skeppers van die wet en gewoontes van die stam. Die hele gemeenskap is dan verantwoordelik om die wette en gewoontes in stand te hou. Daarom sal dit dan 'n sonde wees om enige van die gewoontes of wette te verbreek soos bepaal deur die betrokke gemeenskap. Die siening van sonde dra daarom baie by tot die siening van vergifnis. In dié geval van vergifnis beteken dit dan om die goedkeuring van die voor- vaders en die gemeenskap te hê. Om te illustreer: dit is nie verkeerd om te steel van jou eie gemeenskap nie, hoewel dit mag verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Jy kan vat, maar dit moet later terug gegee

word. Aanvaarding deur die gemeen- skap sal beslis nodig wees. Uiteinde- lik moet die voorvaders gepaai word met geskenke of die offer van 'n dier. In dié opsig is vergifnis nie 'n daaglikse gebeurtenis nie. Indien so 'n vergewensgesinde nie aanvaar word nie, moet vergewing van die gemeenskap gevra word indien siekte of ongeluk ervaar word. Diefstal van 'n ander gemeenskap kan as gereg- verdig gesien word, en so iemand kan as 'n held beskou word en hoef dan nie om vergewing te vra nie.

Die impak van sonde en vergewing

Om hierdie konsep te begryp moet die volgende bygevoeg word. In die verskillende gemeenskappe word sonde ook op verskillende wyse ver- tolk. Die impak van sonde hang af van wie dit gedoen het en wie daar- deur geraak is. Sonde is meer ernstig as dit teen iemand met groot invloed gepleeg is. So 'n persoon is volgens die gemeenskap nader aan die voorvaders as die gewone burger en beteken dus dat die sonde gepleeg is teen die voorvaders. Dieselfde geld vir bejaardes. Dit is 'n groter sonde om 'n ouer persoon te na te kom, omdat 'n kind ondergeskik is aan 'n ouer persoon. Dit word ook gesien dat wanneer 'n ryk persoon met status en invloed 'n arm man beledig of te na kom, dit nie so ernstig is as wanneer die arm man die ryke te nakom nie.

In hierdie omstandighede kan ons sien dat sommige persone nie vergifnis hoef te vra nie, terwyl die minder- bevoorregtes geforseer word om vergewing te vra. Dit beteken dat ver- gewing afhang van wie gesondig het en teenoor wie die daad gepleeg is. Dit gee aanleiding tot baie dade wat gepleeg word en nooit aangemeld word nie. Daarom word hulle nooit aangespreek nie. Wanneer die armes om vergewing vra, sal die rykes groter invloed en status in die gemeenskap kry.

WRAAK EN VERGEWING IN DIE OU EN NUWE TESTAMENT

Ds. Eugene Viljoen

TEMA: LEWE UIT VERGEWING

Vir baie mense is dít wat in Deuteronomium 32:43 genoem word, net te erg – God se wraak is die aanleiding en tegelyk ook die inhoud van die lofsang van die volke rondom Israel. Selfs die heidense volke keur God se wraak nie af nie. Dit is nie vir hulle iets afstootliks en afkeurenswaardigs nie. Inteendeel! Hulle jubel daaroor: ‘n Volk wat só ‘n God het, ag hulle ‘n gelukkige volk. Só sing die heidenasies oor die gelukkige Israel. Dit klink heel vreemd in ‘n samelewing en kultuur waarin ons vandag leef. Wraak, en sekerlik wraak van God, het nie werklik ‘n plek in mense se gedagtes en wêreld nie.

Ons sien dus dat die persepsie wat die mense van sonde het hulle bewustheid van vergewensgesindheid definieer. Die verwestering van mense bring mee dat daar verandering in die Afrika konsep begin voorkom. Die individu (en nie meer die gemeenskap nie), besluit nou hoe hy gaan optree en die gemeenskap en ouer garde speel nie meer ‘n groot rol nie. Die mag van Christenskap begin ook nou na vore tree. Dit bring ‘n ander persepsie van sonde na vore en dit stel ‘n ander standaard voor, nl God. Dit bring gelykheid op so ‘n manier dat die graad van sonde nie bepaal word deur wie en teen wie dit gepleeg is nie, maar dat dit geoordeel word deur die standaard wat God ons gegee het. Ook die manier wat Hy die straf op die sonde in Christus geopenbaar het. Op hierdie manier moet ons buig voor die troon van God en om vergewing vra; ryk en arm, jonk en oud. Dit dwing ons dan om dieselfde standaard van vergifnis aan almal om ons te toon, jonk en oud, ryk en arm! ☩

Alles word heel gemaak

God se wraak is geen blinde en wrede woede soos wat mense dit dikwels wil voorstel nie. Hierdie wraak van die God van Israel beteken dat reg geskied. Dinge word reg gemaak en reg gestel. God se wraak is ook nie die einde van die verhaal nie. Dit is juis ‘n nuwe begin. Die wraak van God beteken juis ‘n redding uit die chaos waarin die volk van die Here geleef het. Dit maak ‘n venster oop na die toekoms. Só eindig dan ook die loflied in Deuteronomium 32: “...Hy sal wraak oefen op sy teëstanders en versoening doen vir sy land en sy volk” (vers 43).



Die Here se land en volk het baie gelyk onder die onregverdige bloedvergieting van die volke teen Israel. Ook deur die sondige lewenstyl van die volk Israel self. Die Here open dan op ‘n besondere manier ‘n lewendige hoop op die toekoms. Hy straf die skuldiges. Versoening deur wraak! Die wraak wat die Here beoef deur die lied van Moses baan ‘n weg na ‘n tyd waarin die Here se volk en land weer in oorvloedige seën sal kan lewe.

Redding deur reg te laat geskied

Dit lyk vir ons alles so onregverdig en in stryd met die blye boodskap van die evangelie – God dreig mense wat vasgevang is in hulle sonde. Die Here laat sien en hoor dat Hy volmaakte gehoorsaamheid vra. Waarom vra die

Here dit? Miskien pla hierdie vraag u nie eers nie. Ons kan maklik dink dat ons gehoorsaamheid aan die Here uiteindelik ‘n saak is van “*Ek doen tog my bes*”. Dan sal die Here my tog nie straf nie. Wanneer dan in so ‘n klimaat oor die erns van ons sonde en God se wraak en toorn gepraat word, vind die meeste mense dit maar ‘n heel “negatiewe” benadering. Iets wat dalk nog ‘n plek in die Ou Testament kon hê, maar nie pas by God se goedheid en genade nie.

Ons moet nie as verklaring aanbied dat die Here nie meer volmaakte gehoorsaamheid van ons verwag nie. Asof die Here tevrede is met ons beste nie. Die Here is NIE tevrede met ons beste nie. Ons beste is nie goed genoeg nie!

Bevrydende wraak

Gelukkig nie! En dit is geen neerdrukkende saak vir ‘n gelowige nie. Dit is juis ‘n bevryding! Die Here se eis vir wat reg is, het nie sedert die sondeval verminder nie. God kom stel nie laer eise aan ons as wat Hy voor die sondeval aan Adam gestel het nie. Hy is nie ewe skielik met die beste wat ons aan te bied het, tevrede nie. God kom vra steeds van ons ‘n lewe waarin Hy vir ons alles is en waarin ons net vir Hom dien. Dit wat ons nou nie MEER kan doen nie. Maar dit is nie God se skuld nie. Hy het ons só gemaak dat ons kon doen wat Hy van ons vra.

God is nie onregverdig nie. Dit is ons wat onself beroof het van die moontlikhede om die Here te gehoorsaam. Dit is dan tog verregaande om nou die Here te verkwalik dat Hy van ons kom vra wat ons nie meer kan doen nie. Hy bly dieselfde. Stel u voor die Here het ná die sondeval die eis van sy volmaakte wil laat verval. Sou dit nie onregverdig

wees nie? Is God dan betroubaar? Dan was Hy mos onregverdig teenoor Adam en Eva dat Hy hulle gestraf het toe hulle maar van die vrug geëet het!?

Juis die feit dat die Here ná die sondeval sy eise nie laer gaan stel het nie, is vir ons 'n ryke vertroosting. Wanneer Moses sy bekende lied voordra, dan sing hy oor die Here wat 'n Rots is. Hy is 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy (Deut 32:4). Terwyl sy volk ontrou teenoor Hom opgetree het, het Hy altyd dieselfde gebly. Hy is onveranderlik. Dit beteken nie die Here is 'n onbeweeglike blok ys nie. Wanneer die Here die grense van die volke vasstel, hou Hy in die besonder rekening met sy geliefde volk Israel (32:8). Hy hou daarmee rekening dat Jakob sy erfvolk is! Die Here het Jakob in die woestyn gekry (32:10). Verlate in 'n woeste woestynwêreld. Aan Jakob het die Here al sy aandag gegee en hom soos sy oogappel behandel. Soos 'n arend sy vlerke uitsprei en oor sy kleintjies sweef, hulle op sy vlerke dra – so het die Here met sy kinders gedoen. Hierdie Here is gister en vandag en môre dieselfde. Ons kan op Hom reken. Hy tree op volgens wat reg is. Die Here laat nie die een norm vir die een en 'n volgende norm vir die ander geld nie. Die Here is nie onvoorspelbaar en willekeurig nie.

Hy wil doen wat reg is

Ons Here is regverdig. Hy wil ons ongehoorsaamheid straf. U het heeltemal reg gelees. God wil geen sonde ongestraf laat bly nie. Nie omdat God verblind is in woede soos wat ons as mense soms kan wees nie. God wil die sonde straf, want Hy verlang daarna om te doen wat reg is. Dit is genade!! God se toorn kom voort uit sy liefde vir wat reg is. Maak dit u bly? Dit is die begin van die herstel van ons verhouding met God – God se verlange om te doen

wat reg is. God se toorn is die begin van die wending na die goeie vir sy kinders. Dit is tot u voordeel dat God wil doen wat reg is. Dit is die enigste manier waarop die verhouding tussen u en God herstel kan word.

Wraak oor ontrou

Hy rus nie voordat Hy nie dinge reg gestel het tussen Hom en mense nie. Dank God!! Hy kom nie tot rus voordat die onreg weggeneem is nie. Op 'n aangrypende manier word dit in die lied van Moses besing. Die Here word toornig oor die onbetroubaarheid van sy volk (Deut 32:20–25). Hulle het die Here getart met nietige afgode wat geen gode is nie. Dit het 'n vuur van toorn in die Here aangesteek. Eers wou die Here hulle met die asem van sy mond vernietig, maar dan doen Hy dit nie. Wat Hy met hulle sou doen, doen Hy eerder met die ander volke. Die Here oefen wraak uit oor die vyande van Israel.

In hierdie lied sing Moses oor die heidene wat hulle regverdige straf sal ondergaan (vers 35). “*My kom die wraak toe en die vergelding*”, sê die Here. Dit is geen bloeddorstige lied van haat van Moses teen die vyande van die Here nie. Die straf oor die heidene is deel van God se manier om REG te verskaf aan sy volk. As die Here nie sy regverdige straf oor die heidene gee nie, sal die volk van die Here daaronder ly. Wanneer die Here sy reg handhaaf, is Hy besig om sy genade aan sy kinders te bewys. Die keersy van die wraak van die Here is die verlossing van sy kinders. Wanneer die Here sy wraak uitoefen, is Hy tegelyk besig om uitdrukking te gee aan sy medelye met sy kinders. Dit is uiterste genade van die Here dat Hy sy REG op aarde handhaaf.

Jesus en God se wraak

Dit is onmoontlik om oor God se wraak te praat sonder om oor Jesus

Christus te praat! Die Here bewerk versoening deur sy wraak en toorn. Daarvoor sing die nasies in die lied van Moses. Deur die Here se wraak wil Hy die land reinig wat deur die bloedvergieting van die heidene verontreinig is. Volgens die woorde van hierdie lied moes die volk leer lewe in die land Kanaän. Die lewe met die Here is alleen moontlik daar waar Hy sy wraak uitoefen.

Jesus Christus se hele lewe, wat gefokus was op sy dood in Jerusalem, wil ons laat sien dat God vergewing, lewe en hoop gee, daar waar Hy sy wraak uitoefen. Die Here kom herstel die verhouding met Hom deur sy wraak uit te oefen. Dit is waarvoor Jesus die toorn van God vir ons aan die kruis gedra het. Sodat ons saam met die nasies kan sing oor die versoening van mense met God. Gelukkig is elkeen wat 'n wrekende God het as Verlosser. By Hom is daar toekoms.

Ons kan daarom nie God se vergifnis uitspeel teen sy wraak nie. Dit is nie of die een of die ander nie. Eerder: nooit die een sonder die ander nie. God se wraak kan nooit van sy genade losgemaak word nie. God se wraak dompel ons nie in onsekerheid nie. Dit laat reeds in die tyd van Moses 'n loflied sing! Dit het vir sondige mense lewensruimte geskep in die land Kanaän.

Die Here hou en handhaaf sy reg deur sy wraak. Dit is genade en liefde en goedheid van die Here. Hy kan op sy Woord geneem word. Die grootste wonder is dat Hy wat so getrou sy reg handhaaf, dit vir ons gedoen het deur Jesus Christus. As ons enigsins wil weet wat dit beteken dat God wraak uitoefen, dan moet ons na Jesus kyk. In Hom het die Vader ons sondes gestraf, sonder om sy reg tot niet te maak. God het ons sondes op Hom gelaai om ons te vergewe. ✠

VERGEWING BINNE DIE ISLAM

Dr. Lucius W. de Graaff

TEMA: LEWE UIT VERGEWING

Het u al op 'n Vrydagmiddag 'n moskee besoek en na die preek geluister? As Christen sou u waarskynlik bekende klanke gehoor het. Sinsnedes soos: *“Lof aan Allah. Ons prys Hom, ons vra vir vergewing en hulp; vol berou kom ons tot Hom om ons vertrou alleen op Hom te stel”*.

Die oproep tot vergewing word voortdurend in die lewe van die moslems gehoor. Die hoogtepunt van die vergewing is die pelgrimsreis na Mekka. 'n Vaste onderdeel daarvan is die besoek aan die Berg van Genade in die vlakte van Arafat. Daar smeeek die moslems hartstogtelik om vergewing.

In feite word die vraag of vergewing 'n bekende begrip by die Islam is, hiermee bevestigend beantwoord. Tog is dit nie so maklik nie. Dit is belangrik om te besef wat die moslems bedoel met vergewing en hoe hulle dit ontvang. Op hierdie gebied is daar naamlik 'n groot verskil tussen die Islam en die Christendom. Alhoewel die woorde en begrippe rondom vergewing bekend klink, het dit verskillende betekenisse.

99 skoonste name

Die moslems gebruik 'n ketting van krale as hulpmiddel by die gebed of meditasie, die sogenaamde *soebha*. Dit laat 'n mens dink aan die rosekrans wat die Rooms-Katolieke gebruik. Daar is 99 krale in die *soebha*. Dit is nie 'n willekeurige getal nie. Allah het naamlik 99 “*skoonste name*”. Oor die gebruik van hierdie name lees ons in die Koran die volgende (7, 180):

“Die mooiste name kom Allah toe, roep Hom daarmee aan”.

In hierdie lys van skoonste name is daar drie wat betrekking het op vergewing: *al-Ghafoer* (die vergewingsgesinde), *al-Ghaffar* (Die vergewer) en *al-'Afoe* (Die skenker van vergifnis). Veral die eerste twee name toon baie ooreenkomste met die

woorde wat in die Ou Testament gebruik word vir die “bedekking” van die sonde; versoening en vergewing. Dit kom ook voor in die naam Yom Kippoer (Groot Versoendag).

Moslems en Christene gebruik baie keer dieselfde woorde. Dit is nie vreemd wanneer 'n mens besef hoe die Islam ontstaan het nie. Mohammed het aanklank gesoek by die Jode sowel as die Christene. Beide Jode en Christene ken die begrip “vergewing van sondes deur versoening”. Tog het hierdie begrippe 'n eie betekenis binne die konteks van die Islam. Om dit te verstaan moet ons terug gaan na die ontstaan van die Islam.

Geen versoeningsleer binne die Islam

Die woord “versoening” kom wel voor in die Koran. Dit handel veral oor die versoening tussen mense onderling eerder as versoening tussen Allah en die mens. Soera 4, 35 handel oor 'n twis tussen man en vrou. 'n Skeidsregter moet seker maak dat hulle weer versoen. Gelowiges wat in onmin met mekaar lewe word opgeroep om vrede te sluit. Die dogma van versoening tussen God en mens ken hulle nie.

Die feit dat daar nie 'n versoeningsleer is nie hang ten nouste saam met die Moslem se visie oor Allah. Hulle ontken ten sterkste die Drie-Eenheid. Dit is een van die grootste struikelblokke tussen die Islam en die Christendom. Gelowiges wat Jesus bely as die Seun van God, begaan 'n onvergeeflike sonde, so glo die moslems. Jesus kan dus ook nie Middelaar wees tussen God en die mens nie. Volgens die Islam kan Jesus dus ook nie die sonde van die ganse wêreld dra nie. Met hierdie opvatting verdwyn die dogma van die versoeningsleer wat leer “*versoening deur voldoening*”.

Wanneer die Koran oor vergewing praat het dit 'n ander betekenis as



die Christelike versoeningsleer. Allah se vergewing hang saam met sy geregtigheid, dit wil sê: Allah vergewe op grond van goeie werke. 'n Mens kan dus jou vergewing verdien. Hou dit altyd in gedagte wanneer jy in die Koran lees oor vergewing. Dit mag baie Bybels klink maar daar is 'n hemelsbreë verskil. Neem bv die tekste uit die *hadieth*. Die *hadieth* is die woorde van Mohammed en sy metgeselle. Ek haal aan uit Hadieth Qudsi 34:

“O kind van Adam, solank jy 'n beroep op my doen en my vra, sal ek jou vergewe wat jy gedoen het. O kind van Adam, al was jou sondes tot by die wolke van die hemel, as jy my sou vra, sou ek jou vergewe. O kind van Adam, wanneer jy tot my kom met sondes so groot soos die aarde, sou ek jou vergewing gee so groot soos die hele aarde”.

Hierdie woorde klink byna Bybels. Tog het die woorde sonde en vergewing 'n ander betekenis as by die Christendom. Volgens die Islam kan 'n mens goed doen. As jy te min goed doen is dit sonde. Sonde is 'n fout wat reggestel moet word. Die Islam weet nie van die erfsonde en 'n totale verdorwenheid van die mens nie.

Enersyds klink die Islam soos die Jodedom en Christendom. Andersyds het hierdie bekende begrippe 'n totaal ander betekenis gekry. Hoe het dit gebeur? Kom ons kyk hoe die Islam ontstaan het.

Mohammed soek aansluiting by Jode en Christene

Mohammed het nie 'n maklike jeug gehad nie. Sy vader was reeds oorlede toe hy gebore is. Op sesjarige ouderdom verloor hy ook sy moeder.

Hy was dus 'n wees en daarom baie sensitief vir onreg en onbarmhartigheid in die samelewing. Teen hierdie agtergrond moet ons sy ontwikkeling sien as *hanief*. 'n Hanief was 'n sogenaamde godsoeker wat hom afgekeer het van die Arabiese veelgodedom en gesoek het na die een ware god. Mohammed het nie goeie ervarings gehad met die burgers van Mekka en hulle godsdienste nie. Baie van hulle het hulself verryk ten koste van die weduwees en wese. Hulle het geglo dat hulle nooit daarvoor verantwoording hoef te doen nie. Daar was geen sprake van 'n oordeelsdag nie. Na die dood is alles verby ...

Daarom het Mohammed aangetrokke gevoel tot die Jodedom en Christendom. Jode en Christene het elkeen een God gehad, ook het hulle geglo in die oordeelsdag. Elkeen moet verantwoording doen vir sy daad. Mohammed het geglo dat geloof in een God regverdigheid beteken terwyl die veelgodedom sinoniem was met sosiale onreg en wantoestande in die samelewing.

So het Mohammed in die jaar 622 afgereis na Medina om hulp te soek by die Jode in sy stryd teen die afgodsdienaars in Mekka. Hy het sy volgelinge opgedra om te bid met hulle aangesigte in die rigting van Jerusalem. Sy dissipels moes vas op die Groot Versoendag. Hierdie laaste opmerking is belangrik vir ons onderwerp. 'n Mens sou verwag dat Mohammed bekend sou wees met die Bybelse versoeningsleer. Tog was dit nie die geval nie. Daarvoor is verskeie redes.

In die eerste plek het die offers op die Groot Versoendag verdwyn met die verwoesting van die tempel in Jerusalem 70 n.C. Die tempeldiens op die Groot Versoendag is toe vervang met vas, gebede en goeie werke. Mohammed het dus nooit die belangrikste aspek van die Groot Versoendag n.l. die offer in die tempel, geken nie. Ons moet ook in gedagte hou dat die Bybel in Mohammed se tyd nog nie in Arabies vertaal was nie.

Mohammed volg sy eie koers

Na die oorwinning van Badr in 624

het Mohammed nie meer die Joodse hulp nodig nie. So kom sy verbintenisse met die Jode en daarmee saam sy verbondenheid met die Joodse godsdienste op 'n einde. Later kom Mohammed in aanraking met Christene en leer hy die evangelie van Jesus Christus ken. Dit word bevestig deur die feit dat Jesus op verskeie plekke in die Koran genoem word. Waarskynlik was Mohammed nie bewus van wat die apostel Paulus geskryf het oor versoening deur voldoening nie.

Ongtwyfeld het Mohammed deur die loop van die jare die evangelie van Jesus Christus beter leer ken. Maar in daardie stadium van sy lewe is die beginsels van sy leer reeds sodanig gevestig dat daar nie meer verandering moontlik is nie. Intendeel; in die Koran word ten sterkste ontken dat Jesus aan die kruis gesterf het. In soera 4, 157 lees ons: "*Hulle het hom nie doodgemaak nie en hulle het hom nie gekruisig nie, dit is 'n versinsel*". So het Mohammed die kern van die evangelie ontken. ✠

HY VIR WIE BAIE VERGEWE IS, HET BAIE LIEF

Ds. Cees Kleijn

TEMA: LEWE UIT VERGEWING

Hoe ervaar ons die onderlinge liefde? Is die liefde iets wat ons gemeenskap kenmerk? Is die liefde vir God en vir ons naaste iets wat ons onderlinge omgang kenmerk? Ervaar ons dat ons werklik met liefde bejeën word? En wat nog belangriker is: bewys ek van my kant oorfloedige liefde vir my naaste? En indien die liefde ontbreek, wat kan die oorsaak daarvan wees?

In die geskiedenis van Lukas 7:36-50 gee die Here vir ons 'n pragtige les. Hierdie les naamlik: as jy weet hoe baie God vir jou vergewe het, sal jy baie liefhê.

Simon, 'n Fariseër, nooi Christus om by hom te kom eet. Die Here aanvaar die uitnodiging. Hy stel homself beskikbaar vir alle tipe mense, watter

posisie of agtergrond hulle ook al het. Tydens die maaltyd kom daar 'n vrou binne wat bekend staan vir haar sondige lewe. Dalk 'n prostituee of 'n egbreekster. Sy loop onmiddellik na Jesus toe met 'n albaste fles met salf. Dis duidelik dat sy die Here daarmee wil eer. Sy kan haar trane egter nie bedwing nie. Voordat sy dit besef val haar trane op Jesus se voete. Sy het geen doek om die trane van sy voete af te droog nie. Daarom maak sy haar hare los en droog sy daarmee die trane af. Dan soen sy Jesus se voete en salf hulle met die salf.

Kan jy jouself die situasie voorstel daar in die huis van die Fariseër? 'n Pynlike verleentheid vir Simon, so 'n sondares in sy huis. En dan nog al die trane, die los hare in deftige geselskap

en die salf op Jesus se voete. Hoe kan Jesus dit van so 'n sedelose vrou aanvaar? Die Fariseër kan dit nie begryp nie. Hy begin om Jesus met ander oë te sien. As Jesus 'n profeet is - dink hy by homself - dan moet Hy tog weet dat hierdie vrou sleg is en dat haar gawes met sonde besoedel is. Geen eerbare profeet sou toelaat dat hy deur so 'n vrou met 'n slegte reputasie onrein gemaak word nie. Want die vrou het nie alleen sy voete aangeraak nie, maar dit ook herhaaldelik gesoen.

Hoekom laat Jesus dit toe? Jesus se houding word bepaal deur die evangelie van genade en verlossing. Jesus herken by die vrou geloof en berou. Die fles met kosbare salf, die trane en die feit dat sy daarmee na Hom gaan,

spreek 'n duidelike taal. Hier is 'n son-
dares wat berou oor haar sondes het en
wat haar vertrou in Jesus Christus,
die Redder van die wêreld, stel.

In sy hoogmoed en eiegeregtigheid
sien die Fariseër dit nie. Vir hom is die
vrou slegs 'n verlore sondares,
iemand wat jy moet afwys, nie
iemand waarna jy moet uitreik nie.
Hy het geen tyd of agting vir haar nie.

Jesus ken Simon se gedagtes en wys
hom deur middel van 'n gelykenis
tereg. Daar was 'n geldskietter wat
twee skuldenaars gehad het. Die een
het vyfhonderd penninge geskuld en
die ander een vyftig. 'n Penning was
die dagloon van 'n arbeider. Die een
het dus ongeveer een jaar en nege
maande se loon geskuld en die ander
een ongeveer twee maande se loon.
Hulle het niks gehad waarmee hulle
die skuld kon afbetaal nie. Dan
gebeur daar iets ongeloofliks: die
geldskietter skenk kwytskelding aan
altwee. “Sê nou” vra Jesus aan
Simon, “wie van hulle sal hom die
meeste liefhê?” Simon antwoord en
sê: “Ek veronderstel die een aan wie
hy die meeste geskenk het.”

Jesus pas die gelykenis op die kon-
krete situasie toe. Hy vra Simon se
aandag vir die vrou. Wat 'n ironie!
Hierdie sondares, wat deur Simon
verag is, word nou deur Jesus aan
hom voorgedra as 'n voorbeeld
waarvan hy moet leer. Sy het aan
Jesus gedoen wat Simon as gasheer
nagelaat het om te doen. Jesus sê vir
Simon: “Ek het in jou huis gekom –
water het jy nie vir my voete gegee
nie; maar sy het met haar trane my
voete natgemaak en dit met die hare
van haar hoof afgedroog. 'n Soen het
jy My nie gegee nie, maar sy het,
vandat sy ingekom het, nie opgehou
om my voete te soen nie. Met olie het
jy my hoof nie gesalf nie, maar sy het
my voete met self gesalf” (verse
44-45). Daardie vrou het baie liefde
getoon, terwyl hy, die gasheer, min
liefde getoon het. Deur haar baie
liefde bewys sy dat sy weet van die
vergewing van baie sondes.
Vergewing van God se kant produseer
liefde van ons kant. Daarom sê Jesus

in vers 47: “Haar sondes wat baie is,
is vergewe, want sy het baie lief-
gehad; maar hy vir wie weinig
vergewe is, het weinig lief.”

Is dit nie vreemd om te sê dat haar
baie sondes vergewe is, “want sy het
baie liefgehad” nie? Wat bedoel die
Here? Die Here bedoel in elk geval
nie dat haar sondes vergewe is
omdat sy eers baie liefgehad het nie.
Die omgekeerde is waar. Omdat haar
baie sondes eers vergewe is, daar-
om het sy baie liefgehad. Ons kan die
woorde van die teks vergelyk met die
sin: dit reën, want die vensters is nat.
Daarmee sê jy nie dat die nat
vensters die oorsaak van die reën is
nie. Nee, daarmee konstateer jy
eenvoudig dat dit reën omdat jy
reëndruppels op die vensters sien.
Die water op die vensters is 'n
bewys daarvan dat dit reën.



Hierdie vrou se liefde vir die Here is
'n bewys daarvan dat haar sondes
vergewe is. Die feit dat sy haar trane
nie kon bedwing nie en dat sy nie
opgehou het om Christus se voete te
soen nie en dat sy sy voete gesalf
het is 'n bewys van haar redding
wat God bewerk het.

In teenstelling daarmee sê Christus:
“Maar hy vir wie weinig vergewe is,
het weinig lief.” Beteken dit dat die
sondes van Simon weinig is en dat hy
dan weinig liefhet omdat hy maar
weinig sondes gehad het wat
vergewe moes word? Dit is nie die
geval nie. In God se oë is daar ook
by hierdie Fariseër baie sondes.

Dit gaan daaroor dat ek eers moet
besef dat ek baie sondes het en dat
die baie sondes vergewe is, voordat
ek baie kan liefhê. As ek dink dat ek
nie soveel slegte dinge doen nie en
dat God my skaars hoef te vergewe,
dan sal dit sigbaar wees in my hou-

ding teenoor Jesus en ander mense.
“Hy vir wie weinig vergewe is, het
weinig lief.” Simon, die Fariseër, moet
sy baie sondes eers raaksien en bely.
Dan sal hy 'n nuwe mens wees.
Alleen dan sal hy die volle vreugde
ervaar wat die vergewing van sondes
teweegbring. Slegs dan sal hy baie
liefde vir God en sy naaste toon.

Dieselfde geld vir ons vandag. In die
gemeente het God ons naas mekaar
geplaas. Hy het ons deur sy Woord
en Gees tot 'n verbondsgemeenskap
gevorm. Hy het ons in Christus aan
mekaar verbind. Wat sal dus ons
houding en gedrag teenoor mekaar
bepaal? Wel, onthou dit: my houding
teenoor ander mense weerspieël
gewoonlik my houding teenoor God.
Hoe kan ek my naaste werklik en
van harte liefhê en aanvaar? Dit kan
slegs as ek weet dat Christus my baie
vergewe het en my aanvaar het.
Jesus het gesê: hy vir wie weinig
vergewe is, het weinig lief.

Ervaar ek die groot genade van God
in my lewe – dat Hy my ontelbare
sondes vergewe het? Indien ek dit
glad nie of skaars ervaar, dan sal dit
ook wys in my houding na ander toe.
Dan sal ek waarskynlik min barm-
hartigheid toon. Liefdeloosheid gaan
dan maklik die verhoudings domineer.
Dan sal vergewensgesindheid
dikwels ontbreek en daar min geduld
met ander se gebreke getoon word.
As daar dan moeilikhede kom, sal die
skuld vinnig by die ander gelê word.
“Hy vir wie weinig vergewe is, het
weinig lief.”

Aan die ander kant: hy vir wie baie
vergewe is, het baie lief. Hoe meer ek
verstaan wat vergewing is en hoe
meer ek oor God se vergewing van
my baie sondes verwonderd is, hoe
meer sal ek in liefde vir Hom en my
naaste groei. Laat ons daarom God se
groot genade in ons lewe raaksien en
ons daarvoor verwonder. Hy het baie
vergewe, nie waar nie? Laat hierdie
werklikheid ons houding teenoor
mekaar bepaal. Dan sal ons baie
liefhê. Dan sal ons ons eenheid in
Christus bly wys, in geloof wat deur
die liefde werk. ☩

Onderhoud met Apko Nap en Pieter Torenvliet

29 Junie 2006

Lize Kampman

ONDERHOUD

Eendag, nie so baie lank gelede nie, in 'n land ver, ver van hier, was daar ... twee bobaas-storievertellers. Hulle het die hele wye wêreld deurgereis. Oral waar hulle gekom het, het ander storievertellers by hulle kom raad vra oor hoe om beter en mooier stories te vertel. Dan het hulle gaan sit en gesê: Luister nou mooi ...

So het Apko Nap en Pieter Torenvliet dan ook onlangs, op uitnodiging van die skoolbestuur van die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria, as gassprekers opgetree by 'n onderwyskongres te Silkaatsnek. Hulle onderwerp? Hoe om die storievertelkuns aan te wend in Bybelonderrig en Kerkgeskiedenisklasse.

Wie is Apko Nap en Pieter Torenvliet? Wat doen hulle?

Apko Nap was voor sy aftrede vir 19 jaar lank skoolhoof van die William of Orange Christian School in Cloverdale, British Columbia (Kanada). Pieter Torenvliet is tans hoof van die John Calvin School in Abbotsford, British Columbia (Kanada). Die twee het 'n kerkgeskiedenisprogram geskryf wat op die vertelbenadering gebaseer is. Die program bestaan uit 'n reeks van drie handboeke wat elk vergesel word deur 'n onderwysersgids volledig met leeruitkomst, aktiwiteite en aanvullende leesstof vir die onderwyser. Elke hoofstuk in die program begin met 'n storie, wat die leerder se belangstelling prikkel en as aanknopingspunt vir die onderwerp dien. Hierdie program word tans deur die meerderheid gereformeerde skole in Kanada gebruik.

Hoe het dit gekom dat hulle hier by ons beland het?

Tydens die aanbieding van 'n werkswinkel oor die program by die internasionale konferensie oor gereformeerde onderwys wat in 2004 in Nederland gehou is, het hulle kennis gemaak met 'n groep onderwysers uit Suid-Afrika. Die groep sou hulle baie graag hierheen wou nooi, maar die gereformeerde skole hier het nie oor die fondse beskik om dit moontlik te maak nie. Verlede jaar het mnr Nap en sy vrou 'n ou kennis op Schiphol raakgeloop vir wie die bevordering van kerkgeskiedenisonderrig in gereformeerde skole 'n passie is. Die persoon, wat graag anoniem wil bly, het aangebied om die koste te dra om hulle besoek aan Suid-Afrika moontlik te maak. So het die Here in hierdie behoefte van sy kinders voorsien! Intussen is 'n onderwyskongres gereël vir drie dae in die wintervakansie, en het ons onderwysers die geleentheid gekry om aanbiedings en werksinkels oor die storievertelbenadering by te woon.

Wat was hulle indrukke van die kongres?

Mnr Torenvliet is baie beïndruk met die kongresgangers se toewyding teenoor hulle werk en die Here. Die manier waarop hulle oor God en die Bybel praat, het hom opgeval as besonders. Dit was duidelik dat almal daar was omdat hulle graag daar wou wees. Dit het vir hom gevoel asof hy vir die bekeerdes kom preek het.

Mnr Nap voeg by dat die kongresfasiliteit by Silkaatsnek darem ook iets besonders is. Greet de Vries se spyseniering was uit die boonste rakke en het baie tot die geselligheid bygedra.

Albei voel dat die kongresgangers vordering gemaak het in hulle denke oor hoe om hulle Bybelonderrig op 'n gereformeerde wyse te verbeter.

Waarom is storievertellery so belangrik dat hulle dwarsoor die wêreld lesings daarvoor aanbied?

Hulle beskou die vertel van stories as een van die mees doeltreffende onderrigmetodes. Die rede hiervoor is dat 'n storie nie net op 'n leerder se kognitiewe vermoëns gerig is nie, maar ook sy emosionele, intuitiewe en skeppende vermoëns aanspreek. 'n Leerder se langtermyngeheue word op die mees effektiewe wyse geaktiveer wanneer inligting in 'n betekenisvolle konteks aangebied word en wanneer daar 'n emosionele lading teenwoordig is. Inligting wat onder sulke omstandighede verwerf word, word in die leerder se geheue vasgelê. Storievertellery is dus 'n baie doeltreffende tegniek vir die oordrag van inligting.

God het die mens geskep om te sien én te hoor. In vandag se samelewing is daar 'n wanbalans tussen die twee sintuie, met die klem op die visuele oordrag van inligting. Stories is een manier om die balans weer te herstel, deur kinders se luistervaardighede te ontwikkel.

Waarom kan Kinderbybels en Bybels wat spesiaal vir jong mense geskryf is, nie dieselfde as storievertellery vermag nie?

Die verskil tussen 'n storiebybel en 'n storie lê in die dinamiek. 'n Storie is soos gestolde lawa. Wanneer iemand die storie vertel, herskep hy die vulkaniese uitbarsting. Die storie het meer impak wanneer die onderwyser eenaarskap daarvan aanvaar en dit van sy hart tot die kinders se harte kan oordra. Storievertellery laat die plat figure op die bladsy regop staan en lewe kry.



Wat is die voordele van dié metode in Bybelonderrig?

Baie Christene ken net gedeeltes van hulle Bybel en kan dit nie lekker vasknoop aan die oorkoepelende geheel van die heilsgeskiedenis nie. Iemand wat net oor flentertjies Bybelkennis beskik, het geen verweer teen 'n denkrigting soos die Post-Modernisme nie. Die krag van 'n Bybel-storie is afhanklik van hoe goed die individuele storie in die oorkoepelende Bybelverhaal ingebed is. Met ander woorde, waar pas hierdie storie in die groot geheel van die Bybel in? Met watter ander Bybelgedeeltes hou dit verband? Waarom het dit die Here behaag om hierdie spesifieke gedeelte van die Bybel by sy openbaring aan ons in te sluit? Wat wil Hy daardeur vir ons sê?

Is daar enige nadele verbonde aan hierdie metode?

Dit verg baie voorbereiding. Die onderwyser moet die storie sy eie maak om dit effektief te kan aanbied, sodat die leerders met die karakters kan meeleef. Sommige onderwysers kan dalk huiwerig wees om na hierdie metode oor te skakel, omdat hulle werklading te groot is. Nog 'n potensiële probleem is dat die opvolgmatériau nog ontwerp moet word, wat weer ekstra werk vir die onderwyser beteken.

Die vertel van stories is tog sekerlik nie slegs vir onderwysers van belang nie?

Ja, menere Nap en Torenvliet voel dat ouers weer moet begin om vir hulle kinders stories te vertel. As hulle te min tyd het, moet hulle tyd daarvoor maak. Ouers moet weer besin oor die tyd wat hulle aan hul kinders wy.

Die kursus van agt dae moes ingekort word sodat dit in drie dae aangebied kon word. Het belangrike fasette nie daardeur verlore geraak nie?

Volgens menere Nap en Torenvliet het hulle slegs die eerste gedeelte van die kursus aangebied, asook enkele dinge wat as aanknopingsal dien vir die volgende gedeelte. Hulle hoop om DV volgende jaar terug te kan kom en verder te gaan.

Die kongresgangers het gewissel van 'n predikant tot dosente, onderwysers en studente. Verskillende kulture is ook verteenwoordig. Wat was die waarde van hierdie verskeidenheid?

Elke kursusganger het op 'n ander manier waarde toegevoeg. Die jonger onderwysers was meer

entoesiasies en minder geïnhibeerd wanneer hulle aan die woord was. Dit het gehelp om die ys te breek. Die ouer onderwysers was senuagtiger, maar het ervaring aan hulle kant gehad. Almal saam het 'n menslike hulpbronbank van kreatiwiteit en verbeelding gevorm.

Iets anders wat menere Nap en Torenvliet sou wou opmerk ... ?

'n Geslaagde kongres is nou alles goed en wel, maar het weinig waarde as dit nie opgevolg word nie. Hierdie opvolgwerk is die verantwoordelikheid van die skoolhoof. Om hom of haar die geleentheid te gee om die voorstelle te kan implementeer, moet die skoolbestuur sorg dat die skoolhoof tyd beskikbaar het. As dit nodig is, moet tyd wat aan administrasie en onderrig bestee word, hiervoor ingeruim word.

Tot sover menere Nap en Torenvliet. Soos 'n mens dit van sulke gesoute storievertellers kan verwag, vlieg 'n aand in hulle geselskap om terwyl 'n mens aan hulle lippe hang. Jy kry sommer spyt dat jy nie self die kongres bygewoon het om al hierdie dinge eerstehands te kon aanhoor nie. Maar wat sê die kongresgangers self?

“Wat 'n geweldige voorreg om hierdie twee talentvolle sprekers te kon beleef! Hulle wye kennis en ondervinding het ons geweldig geïnspireer... Dankie vir 'n werklik sinvolle kongres!” (Die Bethallers)

“Maar wees gerus dat ons baie geleer het. Die belangrikheid wanneer jy 'n verhaal vertel dat God altyd die middelpunt moet wees. Jou verhaal moet geestelik geïnspireerd wees. Ongeag opinie en kultuurverskil.” (Belhar-onderwyseresse en -student)

“Ons was eerlikwaar vasgevang in die verhale ... Die doel van die vertellings is by ons ingeskerp: a.g.v. die TV, ens, was luistervaardighede besig om uit te sterf; en omdat gehoorsaamheid deur luister ingeskerp word, is dit belangrik om Bybel-verhale te vertel.” (UP-studente)

“Ek het nog nooit gesukkel om ‘n gewone storie te vertel nie. Tog was en is dit nog steeds vir my moeilik om ‘n Bybelstorie te vertel sodat die leerders dit gaan onthou. Die kongres het my baie daarmee gehelp.” (Onderwyseres Bellville)

“Om jaarliks die personeel van die verskillende gereformeerde skole in ‘n kongres saam te bring, is opbouend vir die groter skoolgemeenskap. Dit is belangrik om so kontakte te lê en netwerke te vorm. Hierdie kongres is goud werd vir die ontwikkeling van gereformeerde onderwys nasionaal maar ook binne ‘n internasionale gereformeerde skolegemeenskap.” (Ds. Hannes Breytenbach)

“Ons kan nie wag tot volgende jaar wanneer ‘n opvolkursus deur dieselfde persone DV aangebied gaan word nie. ‘n Groot dankie bowenal aan ons hemelse Vader vir die geleentheid wat Hy aan ons gegee het asook vir die persone wat Hy gestuur het om ons te leer hoe om van Hom te vertel.” (Gerard Snippe)

“Mag die Here dit wat ons geleer het, ook gebruik sodat ons Hom beter aan ons kinders kan verkondig.” (Henria Stolper)

En mag die Here dan gee dat gereformeerde onderwysers wêreldwyd nog lank en gelukkig, ook deur stories, sy lof mag verkondig.

Fluit, fluit ... ✕



FOLMER BOEKHANDELI

**19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika**

**Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927**

-D’Assonville, V E: Die koms van Christus en die antichris

Vyftien oordenkings (preke) oor die wederkoms van Christus. “Kyk, Hy kom met die wolke!” (Openb. 1:7) “Jesus is reeds besig om met die wolke te kom ... Die wolke waaruit die storms en orkane voortkom, is die beeld van ontsettende groot kragte van spanning en gisting in die volke-wêreld, van oorloë, rewolusies en terorisme, van opstande en betogings. Maar voordat Jesus Christus op die wolke verskyn, kom eers die Antichris en die antichriste, die valse predikers ... (2 Thess. 2:4). Maar, en dit is die gemeente se troos, Jesus Christus sal deur sy wederkoms die Antichris verdelg (2 Thess. 2:8)! Dit is waaroor hierdie boek gaan!” (104 bladsye – R 60)

Floor, L: My tye is in U hand

Die titel van hierdie boek is ontleen aan die woorde van Dawid in Psalm 31:15a. Wie in die aand van sy lewe terugkyk, sal met verwondering ontdek dat daar ‘n hand was wat hom gelei het: soms langs skone heuwelrye (Psalm 16), maar ook deur diep en

donker dale (Psalm 23). Hierdie preekbundel wil van daardie heilige hand van God getuig. “In die preke word die leser opgeroep om ootmoedig in die geloof onder God se hand te buig, ook wanneer die Here ons daarmee slaan. Ons kan dit doen in die wete dat ons tye, ons hele lewe in sy hand is, deur Hom gely word.” (151 bladsye – R 60)

Niemeijer, P: Start met de Schrift. Meditaties voor en over het kerklike leven

Deel 68 in die reeks “Woord & Wereld”. Die skrywer van hierdie boekie was voorsitter van die Algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland wat in 2005 gehou is. In hierdie boekie vind ons oordekings wat hy gehou het tydens die weeklikse opening van die vergaderings. Negentien Bybelstudies oor verskeie aspekte van die kerklike lewe by “Samenleven in de kerk, Liturgie en liefde, Het begint met diep ontzag voor de Here, Missionair, Laat de kinderen komen, Kerk en Woord”. (112 bladsye – R 72)

Schutte, Henriëtte: Ken jy hulle? Dele 1 en 2

Elke deel bevat 50 studies oor Bybelmense. Hierdie studies van manne en vroue in die Bybel is so saamgestel dat dit God se bemoeienis met sondaarmense aantoon, asook hoe Hy die mens, ondanks sy swakhede en gebreke, in sy diens gebruik. (Deel 1 - 80 bladsye – R 45; Deel 2 – 176 bladsye – R 55)

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad

**Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883**

Pretoria

**Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064**



Deuteronomium

Ds. Pieter Nel

VENSTER OP DIE BYBEL

Die Griekse woord “*deuteronomium*” beteken letterlik “die tweede wet” en dui op die herbevestiging van die wette wat reeds aan die volk gegee is in die boeke voor Deuteronomium, naamlik Eksodus, Levitikus en Numeri. Die Hebreeuse woord vir die boek is “*dabarim*” en dit beteken “woorde” (vgl. Deut. 1:1).


In wese is Deuteronomium ‘n gepaste afskeidswoord. Dit rond nie alleen die eerste vyf boeke van die Bybel, die Pentateug, af nie, maar is ook die afskeidswoorde van Moses, die skrywer van die Pentateug aan die gemeente. Ons kan Deuteronomium rofweg beskryf as ‘n “reeks afskeidspreke” (sien raamwerk) van die leier en leraar van die gemeente.

Wat sal jy sê wanneer jy afskeid neem van geliefdes? Moses weet hy sal nie meer daar wees om namens die volk by God in te tree of wonders te verrig deur God se hand nie. Maar hy weet God is daar en dit is al wat belangrik is. Dit is God wat die wonders verrig het en nie Moses nie (Deut. 7:18-19). Daarom is Deuteronomium ook ‘n boek oor ‘n nuwe begin. Die jong geslag moes leer uit die geslag voor hulle se foute. Hulle ouers is dood in die woestyn as gevolg van hulle ongeloof. Die jonges moet nou die land inneem. Dit is vol sterk stede en ervare krygers! Hulle het nie die eksoduswonders gesien nie. Gaan hulle God vertrou? Daarvoor gaan Deuteronomium (vgl. Deut. 30:15, 19-20)!

1. Skrywer


MOSES is die skrywer (Deut. 1:1; 31:9, 22, 24-27); sy naam kom 36 keer in die boek voor. Hy praat selfs in die eerste persoon (1:16; 29:5). Jesus verwys na hom as die skrywer van die eerste 5 boeke (vgl. Matt. 19:7-9 met Deut. 24:1-4). Paulus doen dieselfde (vgl. Rom. 10:19 met Deut. 32:21). Die gedeelte oor die dood van Moses is sekerlik deur iemand soos Josua of ‘n priester bygevoeg.

Soos met al die Bybelboeke is Bybelkritici skepties dat Moses die boek geskryf het. Hulle redes is byvoorbeeld dat die *aanbidding van die hemelliggame* eers deur Assirië in ongeveer 600 v.C. aan Israel oorgedra is. ‘n Mens wonder of egbrek dan ook eers in daardie tyd



begin het! (vgl. die sewende gebod). Ook die feit *dat Josua ‘n heilige steen oprig* terwyl Deuteronomium dit klaarblyklik verbied, word as rede genoem (16:22; vgl. Jos 24:26). Behalwe dat die Hebreeuse woorde verskillend is (Deuteronomium gebruik vir “klippilaar” die woord mitswah, “iets wat staan”, terwyl Josua 24 pertinent wys na ‘n “groot klip”), is die konteks ook heel duidelik verskillend. Josua rig juis die steen as teken van trou aan God en sy verbond op “naby die heiligdom van die Here”, terwyl Deuteronomium waarsku teen iets wat die volk “vir hulleself” oprig in eiesinnige godsdienste!

Moses staan in die Jordaanvallei, maar op die berg Nebo. Van daar het hy ‘n uitsig op die land wat sy “kinders” sal inneem. Vandaar kan hy skrywe en daar sal hy hulle finaal groet.



2. Lesers

Die nuwe geslag Israëliete wat die Beloofde Land sou binnegaan (Deut. 1:1-3).

3. Datum

Die boek dek 'n tyd van ongeveer 2 maande (Deut. 1:3). Dit bevat ook 'n oorsig oor die woestyntog en 'n uitsig op die intog. Dit is geskryf in ongeveer 1400 v.C. en aan die einde van Moses se lewe.

4. Boodskap

Moses is aan die einde van sy lewe, so ook die ouer geslag (Deut. 2:14-16). Van hulle bly alleen Josua en Kaleb oor. Moses neem afskeid en leer die nuwe geslag om aan hulle verbond met God getrou te bly. Hy berei hulle voor vir die besetting van Kanaän. Christus het uit Deuteronomium aangehaal in sy gesprek met Satan (vgl. Luk 4 met Deut. 8:3; 6:13 en 6:16).

5. Tema

“Hierdie is die woorde van Moses” (Deut. 1:1); dit gee die tema van Deuteronomium weer. Die boek is die laaste toespraak van Moses aan die volk.

6. Sleutelverse: Deut. 10:12, 13

Sleutelwoorde

Luister - 50 maal

Doen, gehoorsaam - 177 maal

Liefde (van God aan mens en mens aan God) - 21 maal.

7. Breë raamwerk

Ons kan dit opdeel in toesprake:

- a. Moses se laaste toespraak (Deut. 1-30)
 - 1.1 Eerste rede (Deut. 1-4)
 - 1.2 Tweede rede (Deut. 5-26)
 - 1.3 Derde rede (Deut. 27-28)
 - 1.4 Vierde rede (Deut. 29-30)
- b. Die laaste toneel in Moses se lewe en bediening (Deut. 31-34)

Ons kan dit ook indeel in die tipiese “kontraktuele dokumente tussen konings en onderdane” soos dit gedoen is in Moses se tyd:

- a. Aanhef, wat die koning bekendstel (1:1-5)
- b. Voorwoord, wat die geskiedenis tussen die koning en onderdane beskryf (1:6-3)
- c. Reëls van die ooreenkoms (4-26)
- d. Ede van samewerking met beide voordele en nadele, voordele as daar by die ooreenkoms gehou word en nadele as daar kontraktbreuk is (27-30).
- e. Instruksies vir die nakoming van die ooreenkoms, soos om dit van tyd tot tyd in die openbaar te lees (31-34).

Dit is nie moeilik om te sien dat die twee raamwerke geensins met mekaar bots nie, maar mekaar juis komplimenteer.



8. Groot tonele

Die belang van ouers se opvoeding van hulle kinders in die wet word in Deuteronomium 6 duidelik uitgespel. Hulle moet hulle kinders gedurig die wette van God leer. Die verbond met God word hernu in Deuteronomium 29. Moses sterf in Deuteronomium 34.

9. Bykomende inligting

Genesis is nie die enigste boek wat ons vertel van die begin van dinge nie. Ook in Deuteronomium tref ons eerstes aan, byvoorbeeld:

Die uitbeelding van die verhouding tussen God en sy gemeente as dié van ‘n vader en sy kinders ontstaan ook hier (1:31).

Die konsep van asielstede het begin in die wetgewing van Deuteronomium. Vluchtelingen moes in ses aangewese asielstede in die land beskerm word en nie teruggestuur word soos die geval was by die omliggende heidenlande nie. Hulle moes wel ‘n wettige verhoor geniet en beskerm word teen diegene wat hulle vervolg.

Die uitdrukking dat **Israel die appel van God se oog** is, kom ook die eerste keer in die boek voor (32:10; vgl. King James-vertaling).

Deuteronomium is een van die boeke wat die meeste aangehaal word in die Nuwe Testament, ongeveer 100 maal. Jesus haal dit die meeste aan van alle boeke. Hy haal dit selfs aan as opsomming van die Wet en Profete (Matt 22:34 vv; vgl. Deut. 6:5).

Die uitdrukking dat die **hemele soos brons** sal wees (28:23), is steeds vandag bekend. Daarmee wys God dat sy ore gesluit sal wees as sy volk Hom nie meer in geloof en gehoorsaamheid volg, soos Deuteronomium vra, nie. Daar was baie **koper en yster** in die beloofde land, soos Moses vooruit gesê het (8:9). Tot onlangs is daarvoor gemyn in beide Galilea en Judea.

Vrae:

1. Watter twee name word gebruik vir die boek?
2. Wat beteken “deuteronomium” en waar kom dit vandaan?
3. Hoe sou jy Deuteronomium beskryf? As ‘n reeks ...
4. Waarom is Deuteronomium beide ‘n einde en ‘n begin?
5. Wie het Deuteronomium geskryf?
6. Hoe word Moses as outeur bevraagteken en hoe antwoord ons daarop?
7. Waar staan Moses as hy Deuteronomium skryf?
8. Ongeveer wanneer is dit geskryf?
9. Wie is die eerste lesers?
10. Noem belangrike rolspelers in Deuteronomium.
11. Noem drie groot tonele uit Deuteronomium.
12. Wat is die tema en boodskap?
13. Wat is die sleutelverse?
14. Wat is die struktuur van Deuteronomium?
15. Waarvan lees ons die eerste maal in Deuteronomium? ☐

Bywoning van die General Assembly van die Free Church in Southern Africa (FCSA) op 25 en 26 Mei 2006 te Dumisani, King William's Town

Ds. Hannes Breytenbach

RONDOM DIE KERK

Versoek

Ds Breytenbach is deur die Deputate Betrekkinge Buitelandse Kerke versoek om die vergadering op King William's Town by te woon. Ds Nicholson het Ds Breytenbach vergesel. Dit was 'n aangename opdrag en 'n verrykende ervaring om met die broers van die FCSA te verkeer en kontakte te lê. Ons was met Christelike gasvryheid ontvang en onthaal.

Free Church in Southern Africa

Die kerklike gemeenskap is hoofsaaklik Xhosa-sprekend en hoofsaaklik in die Oos-Kaap. Dit is 'n Presbiteriaanse Kerk wat sy vroegste begin terugvoer na die Glasgow Missionary Society se werk in 1830 in die Lovedale-omgewing. In 1843 het die werk onder die beheer van die Free Church of Scotland gekom. Met die vereniging van die Free and United Presbyterian Churches in 1900 het 'n klein aantal gemeentes die Free Church gebly. Die werk het stadig gegroei en ook uitgebrei na die townships van Kaapstad (Khayelitsha en Guguletu). Daar is 'n Southern Presbytery (waaronder Kaapstad se townships) en 'n Transkei Presbytery waarbinne 16 Distrikte (groter gemeentes), elk bestaande uit 'n aantal klein kerkies (of preekstasies), met 'n totale lidmatetal van ongeveer 2000. Die kerkverband in Suid-Afrika het in 1976 "outonoom" geword en staan bekend as die Free Church in Southern Africa.

Die geloof word uitgedruk in die Westminster Confession of Faith en die Westminster Larger and Shorter Catechisms. Daar is gewoonlik een predikant per distrik, met 'n aantal

ouderlinge wat 'n Kirk Session of kerkraad vorm (met gewoonlik een ouderling wat verantwoordelik is vir elke klein kerkie of preekstasie). Die ouderlinge dien hul hele lewe in die amp van opsig en tuguitoefening. Daar is diakens wat verantwoordelik is vir die materiële sake van plaaslike gemeentes.

Die predikante word tans by Dumisani Theological Institute opgelei, saam met kandidate van verskillende kerke. Dumisani is geakkrediteer by die Fakulteit Teologie van die Noordwes Universiteit op Potchefstroom. Dit word bedryf deur predikante van die Free Church of Scotland saam met enkele ander. In die toekoms sal die eie program van Dumisani nie meer aangebied kan word nie en sal die Institute optree as voorsiener van die kursusse van Potchefstroom. 'n Enkele sendeling van die Skotse kerk werk ook in die Free Church. Die Free Church in Southern Africa is lid van die ICRC.

In King Williams' Town is daar 'n kerklike drukkerij. Hier word Bybelstudies in Xhosa en in Engels gedruk. Daar word ook pragtige Sondagskoolwerkboekies gedruk. Die koste van die publikasies is laag en aan te beveel vir oorweging in Engelstalige omstandighede in die VGKSA.

Die General Assembly 2006

1. Die wyse van vergadering as sinode is vir ons bekend vanuit ons eie kerklik lewe. Die sinode vergader jaarliks. Die Agenda bevat sake soos die opening, verkiesing van Moderamen, deurgaan van die wettigheid van die

afgevaardigdes, geleentheid vir besoekers om groete oor te dra, verslae van deputate, verslae van die Presbyteries, verslae van Komitees wat tydens die sinode werk verrig, boodskap aan die Staatspresident en sluiting.

2. Die rol van die Skotse sendelinge en dosente is hoofsaaklik adviseerend van aard. Hulle advies dra groot gewig, maar die inheemse ampsdraers gee op 'n bekwame wyse leiding. Waar sendelinge en dosente leiding gee, word dit gemaklik gedoen en goed aanvaar.
3. Die vergadering waarvoor daar twee of drie dae opsy gesit is, het slegs 'n middag en 'n oggend geduur. Die vergadering het seepglad verloop. Ons insiens is daar te vinnig oor sekere sake gegaan. Daar is op grond van rapportering van verslae besluite geneem sonder om veel tyd vir oorweging af te staan. Aan die ander kant is baie van die sake bespreek op die Kirk Sessions, in die Ringe en in die Commissions of Assembly, wat twee keer per jaar plaasvind, asook in die Komitees self. Waarskynlik is sake vooraf goed beredeneer en menings gevorm.
4. Ons kon die oggend voor die opening van die sinode vergaderings van verskillende van die komitees of deputate meemaak. Komitees is: Finance and Buildings Committee; Law, Advisory and Inter-Church Relations Committee; Church Extension and Missions; Training of the Ministry; Welfare of Youth; Public Questions,

Religion and Morals. Van die deputaatskappe het ouderlinge as sameroepers, en ouderlinge neem vrymoedig deel aan gesprekke. Op die vergadering van die deputate Training of the Ministry is waargeneem dat daar met wysheid en versigtigheid oor toelating en begeleiding van studente vergader word en besluite geneem word.

5. Ds Nicholson het 'n groetboodskap namens die VGKSA oorgedra. Dit is met waardering en dankbaarheid aanvaar. Die ander kerkverband wat groete oorgedra het, was die GKSA.

Voorlopige gevolgtrekkings

1. Dit blyk dat daar in Delft self (die VGK Kaapstad se sendings-terrein) nie kontakte van die FCSA is nie. Indien Xhosa-sprekendes daar oor ons pad kom, sal ons hulle aanvanklik self moet vergader.
2. Daar is met die konsulent van Guguletu en Khayelitsha (daar is geen predikant van die FCSA in die Westelike Suid-Kaapland nie)

afgespreek om kontak te behou en uit te brei. Die kerkverband het 'n sterk Oos-Kaapse karakter en predikante is nie gretig om na Kaapstad-omgewing te kom nie. Die lidmate in Kaapstad en omgewing kom van die Oos-Kaap. Daar is blykbaar weinig evangelisasiedrang in Kaapstad en omgewing.

3. Indien die Here gelowiges uit die Xhosa-bevolking in die VGKSA se sendingwerk gee, meen ons die aangewese plek vir opleiding van broers vir die Evangeliediens sou Dumisani wees. Die opleiding vergelyk goed met Mukhanyo Theological College. Daar word minder klem op die praktiese werk as by MTC geplaas. Groot klem word op die Bybeltale geplaas. Daarby is dit 'n opleiding wat uitgaan van een kerkverband en is dit sterk konfessioneel.
4. Die ouderlinge van die FCSA preek almal self. Hulle berei self preke voor. Dit is duidelik dat daar mooi gawes onder hulle is. Die FCSA is duidelik nie 'n dominees-

kerk nie. Tog meen ons die ouderlinge ontvang nie genoegsame toerusting en voorbereiding vir hierdie uiters belangrike saak van prediking om die voortgang van die evangelie te bevorder nie.

5. Die kerkbegrip word sterk deur die amp van ouderling, maar ook deur die meerdere vergaderings en strukture, bepaal. Die rol van die meerdere vergaderings en Committeees het veral op finansiële sake, soos traktemente van predikante wat sentraal beheer en verdeel word, 'n invloed, wat ons insiens die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente wegneem.
6. Die sinode van die FCSA behoort deur verteenwoordigers van die VGKSA bygewoon te word. Hulle behoort weer betyds uitgenooi te word na die sinode van die VGKSA. Dit is veral vir die voortgaande beplanning en ontwikkeling van die mission re werk in die Kaap belangrik. ✠

Sending in Suid-Afrika

Tjeerd de Wit

BOEKBESPREEKING

"The early mission in South Africa / Die vroeë sending in Suid-Afrika 1799-1819"

Karel Schoeman

272 bls

Uitgewer: Protea Bookhouse, Pretoria
ISBN 1-919828-42-8

"Bidsprinkaan"

André P Brink

251 bls

Uitgewer: Human en Rousseau
ISBN: 0-7981-4651-6

"Capturing the Soul, the Vavenda's and the missionaries (1870-1900)"

Alan Kirkaldy

310 bls

Uitgewer: Protea Bookhouse, Pretoria
ISBN: 1-86919-083-1

Sending in Suid-Afrika het 'n omvattende en ryk geskiedenis. Van oral oor het sendelinge in die verlede na Suid-Afrika gekom om die Evangelie te verkondig. Uit Engeland, Nederland, Duitsland, Switserland en ander plekke.

Gewoonlik is hulle nie gestuur deur kerke nie, maar deur Genootskappe, soos die London Mission Society, die Nederlandse Sendinggenootskap en die Berliner Mission Gesellschaft.

Bogenoemde drie boeke het die afgelope jaar verskyn en gaan elkeen op sy eie manier in op 'n faset van die sendingsgeskiedenis in Suid-Afrika. In al drie boeke gaan dit oor mense en al die verskille tussen mense, wat, net soos nou, toe ook dikwels gelei het tot botsings en onbegrip. Ons sien sendelinge rondstap in Afrika, waar daar nog geen motors en treine was nie, en waar 'n tog van Kaapstad na die sendingspos in die binneland weke en soms maande neem. Ons sien die enkeling, soos Van der Kemp, wat vir die inboorling 'n inboorling en soos een van hulle geword het. Aan de ander kant sien ons statige Duitsers in hul driestuk-pakke en met hoë hoede op as versinnebeelding van beskawing.

Die boek van die bekende historikus en skrywer Karel Schoeman behandel kortliks die lewe van 17 sendelinge en medewerkers tussen 1799 en 1820. Rapportering aan hul Genootskap in Europa was 'n belangrike saak en Schoeman het sy gewens oor die 17 persone hoofsaaklik opgediep uit die argiewe in Kaapstad, waar baie van daardie rapporte bewaar is. Die doel van die boek is dan ook dat dit poog om die lewe en omstandighede van hierdie 17 mense te beskryf. Dit gaan dus nie net om geskiedkundige feite nie, maar ook oor hoe mense van vlees en bloed dinge wat toe vir hulle uiters aktueel was, ervaar het. Byvoorbeeld: taal was toe, net soos vandag nog, 'n struikelblok vir baie. So skryf die Nederlander Bastiaan Tromp in 1812 (uitgestuur deur die London Mission): "I should be very glad if the Brethren would show me the favour in sending me an answer in the Dutch language, because I am not able to read English. By the grace of God may I call me, your most humble servant, Bastiaan Tromp". Hoe 'n Nederlander vir die Engelse kon werk, terwyl hy nie Engels kon lees nie, maar wel skryf, is 'n bietjie van 'n raaisel. Hoe dit ook al sy, die aanhaling was die einde van 'n lang brief waarin hy kla oor sy kollegas, oor gebrek aan geld en oor sy siek vrou. Sake het nie baie verbeter vir hierdie Tromp nie, want sy biografie meld dat hy in 1838 "in grote armoede" gesterf het. Ander persone wat ons in die boek ontmoet, is JM Kok, Maart van Mosambiek, John Irwin, Maanenbergh, Sara van der Kemp (vrou van die groot dr Van der Kemp en slavin wat hyself vrygekoop het en wat baie opskudding veroorsaak het), Corner die swart sendeling, Goeyeman, Waterboer en nog 'n paar ander.

Opsommend, die voordeel van die boek is dat baie inligting wat nie so maklik toeganklik was nie, nou saamgebundel is en voorsien is van kommentaar wat die gewens aanmekeer vleg.

Kupido Kakkerlak

Een van die persone wat hier en daar in die boek van Schoeman terloops genoem word, is die Khoi: Kupido Kakkerlak. Oor hierdie persoon handel die boek "Bidsprinkaan" van André P Brink, 'n boek wat hy geskryf het as present vir sy eie 70ste verjaarsdag. Die boek is geen geskiedskrywing nie, maar 'n verhaal, "'n ware verhaal", volgens die ondertitel, 'n egte verhaal dus, maar wel gegrond op historiese feite en persone. Maar dit bly 'n verhaal wat in die skrywer se kop ontstaan het, iets soos "Missionaris" van Elsa Joubert, maar tog ook weer heel anders. Die boek bestaan uit drie dele.

In deel 1 maak ons kennis met Kupido soos wat hy was voor en tydens sy bekering. Deel 1 is 'n lewendige verhaal,



in 'n styl wat pas by die Khoi se beleving, wat vasgevang is in verteltradisies, in bygeloof, en nie in woorde nie. Ons leer 'n lewendige, maar ook losbandige, Kupido ken. Hy raak egter diep onder die indruk van die krag van die woord, eers die geskrewe woord van die witsense, later van die ander Woord, onder leiding van eerwaarde Van der Kemp en Read. Maar mondelinge tradisie teenoor die geskrewe woord bly 'n spanningsveld in die boek. Intussen word Anna sy vrou. Sy is kruppel, want sy het eendag

haar voete in die kokende seeppot gestee, omdat sy wit wou wees. Sy word mank as gevolg van hierdie 'laktifikasie', soos iemand dit genoem het.

By Kupido is daar berge en dale, hy's opvlieënd, sondig menigmaal en kom weer tot inkeer, totdat hy aan die einde van deel 1 gedoop word. Deur 'n frats spoel die rivier hom egter weg, maar hy oorleef dit, en "so word Kupido Kakkerlak met geweld 'n kind van die Here", so sluit deel 1 af.

In deel 2 is Kupido nie meer die hoofpersoon nie, maar eerwaarde James Read, die bekende sendeling. Ons sien nou Kupido deur sy oë. Dis nie meer bruisende verhale nie, maar weloorwoë sinne, wat seker ook maar pas by Read. En weloorwoë sinne neem meer plek in beslag; deel 2 is dan ook die langste deel. Read rapporteer deeglik en sorgvuldig aan sy sendende genootskap. Kupido groei (volgens hom ook as gevolg van die bladsye van die Bybel wat hy letterlik eet om die Woord binne-in hom te hê) en op die ou einde stel Read voor dat hy self 'n verkondiger moet word (nadat hy natuurlik Hollands geleer het). Die narratiewe Kupido word 'n dienaar van die Woord.

En hoe dit afloop, lees ons in deel 3. Kupido word georden en die stasie Dithakong (plek van klippe), nie ver van Kuruman af nie, word aan hom toegeken. Read is weg en dis nou Kupido wat aan die woord is. Hy is nou meer rationeel en wys baie deursettingsvemoë tussen die Koramense. Maar hierdie Koras is trekkers; die Hollandse prediking van hierdie Khoi is nie in staat om hulle op die stasie te hou nie. Die mense loop stadig weg, en op die ou einde is dit nog net sy vrou, wat dan ook wegloop. Dan preek hy maar vir die bome en klippe vanaf sy wa. Maar as die wa instort en eerwaarde Moffat ook nie juis broederlik optree nie, en die beloofde riksdaalders uitbly, kom alles tot 'n einde. In sy laaste brief aan God (daar is inderdaad 'n paar van hierdie briewe in die argiewe) skryf Kupido: "Tot hiertoe het ek gekom en nou is dit die End. Dis die end van die Woord. In den beginne was het Woord en het Woord was bij God en het Woord was God, dit was in den beginne bij God. Eers het ek in die Vlees geloop

en ek het gejaag en gedrink en gebaklei en ge-als en toe het ek dit van my Afgedoen en in die Woord geloop, maar raak die Woord op nou moet ek Anderkant hom verbykom. So vandag kom ek net Groet om te sê ek loop nou.”

Diepere betekenis?

Hierdie “ware verhaal” van Cupido is inderdaad ‘n meeslepende verhaal, waarin baie feite verwerk is. Maar dis geen kroniek nie, en dit was ook nie Brink se bedoeling nie. Dis moeilik om jou in te dink dat Brink ‘n verhaal sou wou skryf wat die Christus as Oorwinnaar sien. Aan die einde is die verhaal aangepas om hom te pas, en wyk dit af van Cupido se ware omstandighede. Die Woord het Cupido nie bevry nie, en na die laaste brief aan God kom daar nog ‘n kort slothoofstuk. ‘n Geheimsinnige arend voer hom weg (net so geheimsinnig as wat hy gebore is in Deel 1). Waarheen? “Soontoe. Sóóntoe”, is die bestemming. Wat ‘n paar honderd jaar gelede vir Cupido gegeld het, geld ook nou: die Woord bevry uiteindelik nie en die bestemming lê anderkant. Ten minste, dis my konklusie. Die werklikheid is verseker anders!

Die Vendas

Ten slotte die boek van Kirkaldy. Kirkaldy is hoof van die Departement van “Development Studies” aan die Universiteit van Vendale. “Capturing the Soul” is as wetenskaplike boek totaal anders as die vorige twee. Hierdie boek bied geskiedskrywing en interpretasie van die werk van die Berlynse Sendinggenootskap in Vendale. Vendale was die laaste gebied in Suid-Afrika wat met die Christendom gekonfronteer is. Die heidendom was hardnekkig in Venda.

As geskiedskrywing bied die boek baie interessante gewens, soos byvoorbeeld hoe sendelinge opgelei is. Jong mans wat die begeerte gehad het om sendeling te word, het hulle aangemeld. Hulle is dan in Berlyn opgelei van ‘scratch’ af, geen teologiese voorkennis was vereis nie. Die opleiding het ses jaar geduur en was volgens ‘n baie streng (tyd)skedule - insluitende liggaamlike arbeid - van agt uur die oggend tot tien uur die aand. Ons lees byvoorbeeld:

“The gardening component (van die opleiding) begins at 5 minutes past 12 o’clock in the store where the gardening equipment is kept and, after receiving instructions and being issued with equipment, they move to the garden with spades, shovels, hoes, pickaxes and garden hoses, and 5 minutes later they arrive at work, which lasts until 3 minutes before 1 o’clock so that they are left with time to wash their hands, remove their overalls and take their place before the well filled soup plates to enjoy a hearty lunch...”

Dink jou net in hoe hierdie manne later die Afrika-klok gehanteer het! Verder was hulle so besig dat daar in baie gevalle geen tyd was om ‘n vrou te ontmoet nie; dus gaan hulle na 6 jaar as vrygesel na ‘donker’ Afrika. Maar hiervoor het die Duitse deeglikheid ook ‘n oplossing gehad.

Godvresende jong vrou in Duitsland, wat ‘n warm hart vir sending gehad het, is opgeroep om hulle aan te meld. Die Genootskap het dan ‘n ‘match’ gesoek en die jong vrou is ook na Afrika gestuur, agter die jong sendeling aan, sodat hulle daar kon trou. Wat dit betref het sendende kerke se take baie makliker geword.

Nadat die sendelinge as persone bespreek is, gaan die skrywer in op die invloed van die landskap op die sendingwerkers. Die donkerheid van die woud en die wildheid van die landskap bevestig die donkerheid van die harte van die ‘barbare’. Verder word die verband tussen Christendom en Westerse beskawing bespreek en hoe die sendelinge hul taak as draers van daardie beskawing gesien het. Ook die sendelinge se optrede te midde van moordgewoontes, byvoorbeeld die gewoonte om tweeling by hul geboorte om te bring, en om onskuldiges te vermoor as ‘n koning te sterwe kom sodat die koning op ‘n mat van lyke begrawe kan word, kom uitgebreid aan die orde.

Verder het Kirkaldy ondersoek gedoen na die bewerings van die sendelinge dat Vendas kannibale is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die rapporte oordrewe was en altyd op hoorsê gebaseer was.

Die laaste hoofstuk is ‘n gevallestudie oor die hoofman Makwarela, wat die aandag gehad het van ‘n hele aantal sendelinge, omdat hy steeds amper Christen geword het, maar op die ou einde tog nie omdat hy dan sy mag en sy volgelinge sou verloor. As hy onomwonde ‘n Christen word, sal die volk volg, was die redenering van die sendelinge. Hy het egter anders gedink. Hy wil wel ‘n Christen word, maar hy wil ook die politieke en magstruktuur in stand hou. Hy het voorsien dat “Things fall apart” (om die titel van ‘n boek van die skrywer Chinua Achebe te gebruik) as hy 100% vir die Christendom kies. Kirkaldy verkwalik die sendelinge dat hulle te streng was.

Sinkretisme

Kirkaldy laat hom nie ken as ‘n Christen nie. Ek vermoed hy is ‘n voorstander van die dialoog-beginsel, dus alle godsdienste het iets van die waarheid. Hy verkwalik die Duitse sendelinge dan ook dat hulle nie ‘n duim wou toegee aan vermenging van heidendom en Christendom nie. Op die laaste bladsy skryf hy (vertaal): “Makwarela het probeer om kreatief saam te werk in ‘n toestand van dinamiese verandering. Vir hom (Makwarela) was bekering slegs een strategie te midde van baie om die infiltrering (van die Westerse invloede) asook troonopvolging-kwessies te hanteer. Die sendelinge kon dit nie akkommodeer nie. Hy moes of ‘n “heiden” of ‘n “Christen” wees, ‘n wilde of ‘n beskaafde, daar was geen grys gebied tussenin nie. Hierdie statiese teenstelling was van die uiterste belang vir hul hele wêreldbeeld.”

‘n Slegte boek, sou ‘n mens dus kon sê. Inderdaad, daar klop geen warm hart by die skrywer vir die enigste Weg waarlangs toegang tot die Vader moontlik is nie.

Arbeidsterapie – wat behels die beroep?

Françoise de Jager

OPVOEDING/ONDERWYS

“Loof, o my siel, en alles wat in my is,
Loof, loof die HEER in wie ‘k van harte bly is!” Ps 103:1 (berymd)
Is dit nie ons doel hier op aarde nie, om die Here te loof met alles wat in my is? Alles? Ja, alles, my hart, my verstand, my oë, my hande. Ja, ook met my werk by die huis, skool of universiteit. Ook kinders loof die Here deur hul spel. Maar ons lewe in ‘n gebroke wêreld. Wat as ek gestremd is of as sekere vermoëns ontbreek? As ek sukkel met sekere take as gevolg van blindheid of depressie?

Arbeidsterapie - vir wie?

Dit kan jou pa of ma wees wat veranderinge in die gesig staar weens ouderdom of siekte. Dit kan jou kind wees, wat gefrustreerd is omdat hy sukkel met die skynbaar eenvoudige take wat ander kinders by die skool kan doen. Dit kan jy wees of jou eggenoot wat sukkel met ‘n siekte of die gevolge van ‘n ongeluk.

Die persoon wat baat sal vind by arbeidsterapie kan enigiemand wees wat, om watter rede ook al, nie die dinge in sy lewe kan doen wat hy wil of moet doen nie.

Wat is Arbeidsterapie?

Arbeidsterapie is gebaseer op die uitvoering van betekenisvolle aktiwiteite van ons alledaagse lewe, soos

Maar as u meer wil weet oor die ontmoeting tussen die Duitse sendelinge en die Vendas in die laaste deel van Suid-Afrika wat ‘bewerk’ is, dan vind u in hierdie boek ‘n magdom van inligting. ‘n Ontmoeting wat soms imponerend was, soos die hoofman wat uitgeroep het dat, as daardie God van die witmense dan bestaan en so magtig is, Hy hom maar kon doodmaak om sy mag te bewys. Binne drie dae wás hy dood! ☩

selfsorg, werk, speel en sosiale inter-aksie. Arbeidsterapie mik veral daarop om deelname aan sulke aktiwiteite te bevorder, ten spyte van beperkings in fisiese of geestelike funksionering. Arbeidsterapie is vir persone van alle ouderdomme om hul vaardighede te verbeter wat hulle in staat stel om hul daaglikse taak te verrig by die huis, by die skool, by die werk of tydens spel.

Arbeidsterapeute is uniek omdat hulle na die geheelprentjie kyk wanneer ‘n persoon behandel word. Hulle neem die persoon se vermoëns in ag, die take wat hy moet uitvoer en die omgewing waarin die take gedoen word. Hulle help persone met siekte, beserings of enige gestremdheid om aan te gaan met die take in hul lewe. Dit kan take wees soos: ‘n ete voorberei, jouself was, die internet gebruik, ‘n prentjie inkleur of saam met maatjies op ‘n klimraam speel.

Geskiedenis van Arbeidsterapie in Suid-Afrika

Arbeidsterapie is nog ‘n betreklike jong beroep, ook in Suid-Afrika. Gedurende die tweede wêreldoorlog (1942) het twee arbeidsterapeute vanaf Engeland na Suid-Afrika gevaar om die eerste Arbeidsterapie-departement te vestig by die Universiteit van die Witwatersrand. In 1945 het die Rooikruis nog drie arbeidsterapeute na Suid-Afrika gestuur om die groot aantal gewonde soldate in die militêre hospitale te behandel. In 1955 is ‘n opleidingsentrum by die Universiteit van



Pretoria geopen en later by die ander universiteite.

Natuurlik het die mensdom met sy vindingrykheid deur al die eeue ook arbeidsterapie toegepas. Met verloop van tyd het dit meer wetenskaplik en gespesialiseerd geraak en sodoende ‘n beroep gevorm. Byvoorbeeld gedurende die eerste wêreldoorlog (1910) het hulpverleners die behoefte by gewonde soldate raakgesien om iets betekenisvol te doen om sodoende weer ‘n doel in die lewe te hê.

Verskillende velde

Arbeidsterapie is ‘n wye beroep en daar is ‘n groot verskeidenheid van velde waarin jy kan werk. Kom ek maak ‘n onderskeid tussen kinders en volwassenes.

Kinders

Een derde of selfs meer arbeidsterapeute is werksaam in die veld van pediatrie. Dit kan wees by privaat praktyke, skole en spesiale skole, hospitale of klinieke in die gemeenskap.

Selfs babas kan baat vind by arbeidsterapie indien daar 'n ontwikkelingsagterstand bemerk word. Die nuutste tendens wêreldwyd is wat ons noem "early childhood intervention". Dit beteken om kinders so vroeg as moontlik te bereik om latere probleme te voorkom.

In die skoolsisteem help arbeidsterapeute kinders wat gebuk gaan onder fisiese, kognitiewe (verstandelike) of geestesgesondheidsbeperkings wat hul skoolprestasie en sosiale interaksie beïnvloed. Gewoonlik is dit die kind se onderwyser wat die probleem raaksien en dit vermeld. Dit kan ook die ouer wees wat sien dat sy kind sukkel met sekere take. Dit is take soos aantrek, toiletgewoontes, sosiale interaksie, fietsry of ander motoriese aksies en skoolverwante take soos stilsit in die klas, inkleur of lees. 'n Ouer wat bekommerd is oor sy kind, kan direk met 'n arbeidsterapeut skakel. Hy/sy sal die kind evalueer en 'n behandelingsplan voorstel.

Volwassenes

Arbeidsterapeute verskaf 'n verskeidenheid van dienste aan volwasse individue.

Dit kan rehabilitasie wees na 'n besering, ongeluk of siekte; byvoorbeeld om 'n man wat as gevolg van 'n motorongeluk verlam is in sy bene, te rehabiliteer. Die behandeling kan onder andere insluit: om rolstoelvaardighede aan te leer, 'n aangepaste motor aan te beveel, moontlike aanpassings by sy huis of werk te bewerkstellig sodat hy weer sy rol as eggenoot, pa en broodwinner kan vervul. Dit geskied gewoonlik by hospitale, privaatpraktyke, gemeenskapsklinieke of rehabilitasiesentrums.

Arbeidsterapeute kan optree as adviseurs by industrieë en vervaardigingsmaatskappye in verband met aspekte soos veiligheid, ergonomika, fasiliteitsontwerp en rehabilitasie.

Daar is ook verskeie arbeidsterapeute werksaam by mediese fondse of versekeringsmaatskappye. Hierdie veld behels die evaluasie van

persone met 'n siekte of 'n besering om sodoende aanbevelings te maak met betrekking tot siekteverlof en versekeringseise.

Daar is natuurlik ook die geleentheid om by opleidingsinstansies te werk. Ek was bevoorreg om die afgelope twee jaar 'n aantal klasse by die universiteit aan te bied. Een van die vakke word genoem "Assistive Technologies".

Die fokus is om met behulp van gevorderde tegnologie individue in staat te stel om weer 'n sinvolle lewe te lei. Vir verskeie mense met 'n gestremdheid is dit hul eerste geleentheid om 'n beweging te doen, hul omgewing te beheer of te kommunikeer. Voorbeelde is: sagteware vir 'n rekenaar vir swaksindes, 'n vergrote sleutelbord, verskeie tipes skakelaars om toegang tot 'n rekenaar te hê indien 'n muis of sleutelbord nie gebruik kan word nie. Bogenoemde kan 'n ongelooflike positiewe uitwerking op 'n persoon se lewe hê.

Kom ek gee 'n voorbeeld. 'n 27-jarige huisvrou en jong ma het totaal verlam geraak en kon nie praat nie a.g.v. veelvuldige beroertes. Haar verstandelike vermoëns was onaangetas. Sy was ten volle bewus van wat om haar aangaan, maar het geen manier gehad om te kommunikeer nie, aangesien sy nie kon praat of beweeg nie. Vroeër sou sy in 'n saal geplaas word met 24 uur versorging. Bedlêend en deur 'n buis gevoer. Sulke pasiënte is beskou as "vegetables". Met nuwe tegnologie het 'n nuwe wêreld vir haar oopgegaan. Sy kon weer mobiel wees deur selfstandig 'n elektriese rolstoel met kopbewegings (die enigste bewegings wat sy oorgehad het) te beheer. Sy kon ook weer kommunikeer deur 'n oogknip-skakelaar en rekenaar te gebruik. Die skakelaar word in plaas van 'n muis of 'n sleutelbord gebruik en word geaktiveer deur oogbewegings. Sodoende kon sy weer haar basiese behoeftes kommunikeer, bv. wat sy vir ontbyt wil eet, en so kon sy natuurlik ook gesprekke met

mense voer. Sy het later gedigte begin skryf en 'n bekende digter geword.

Die studie?

Arbeidsterapie is 'n aanvullende beroep in die gesondheidswetenskappe. Die opleiding sluit die studie van menslike groei en ontwikkeling in, met spesifieke nadruk op die sosiale, emosionele en fisiese gevolge van 'n siekte, besering of agterstand in ontwikkeling. Daar word ook tyd bestee aan die opleiding van praktiese vaardighede. Byvoorbeeld: houtwerk, naaldwerk, kunsvlyt, metaalwerk, sport ook spesifiek vir gestremdes, aangepaste spel vir kinders, rolstoelvaardighede en vryetydsaktiwiteite. Dit is 'n vierjaar-graad en kan by agt universiteite in Suid-Afrika behaal word.

Gemeenskapsjaar

Soos alle ander gesondheidsberoep is arbeidsterapeute ook nou verplig tot die diensjaar na afloop van die studie. Gedurende hierdie jaar werk die arbeidsterapeute in verskeie staats-hospitale, gemeenskapshospitale of -klinieke.

My jaargroep was die eerste groep studente wat die jaar moes voltooi. Ten spyte van aanvanklike negatieweiteit kon ons almal tog aan die einde van die jaar die absolute noodsaaklikheid daarvan insien. Die gemeenskap in Suid-Afrika word getipeer deur armoede, misbruik, geweld, HIV en vigs.

Die nood is groot en daarom kon ons dankbaar 'n bydrae lewer en verligting bring.

My gemeenskapsjaar het ek by die Jubilee-hospitaal in Hammanskraal voltooi. Persone wat daar arbeidsterapie benodig het, was onder andere:

Persone met beroerte, geestesversteuring, HIV en vigs, fisiese gestremdhede; volwassenes en kinders met brandwonde en ook kinders met gestremdhede of ontwikkelingsagterstande.

'n Nuwe era

Danksy gevorderde mediese versorging en tegnieke het daar nuwe

Is vergewing voorwaardelik of onvoorwaardelik?

Ds. Cees Kleijn

KERKLIKE LEWE

Moet ons altyd iemand wat teen ons gesondig het vergewe? Dalk het iemand jou tot in die diepste van jou wese beskadig of is jy 'n slagoffer van molestering. Moet jy jou molesteerder vergewe? Ook indien daardie persoon geen berou toon nie? Dis vrae waaroor die sinode van die Free Reformed Churches of Australia in 2003 haar, na aanleiding van beswaarskrifte, besin het. Die groot vraag was: Moet 'n mens die ander *onvoorwaardelik* vergewe (d.w.s. sonder dat daar sprake van bekering en belydenis van skuld is) of is die vergewing *voorwaardelik* (d.w.s. afhanklik van bekering)? Kom ons

deure oopgegaan vir mense met 'n gestremdheid. Vroeër is dié mense nie in openbare plekke soos winkels, paaie en skole gesien nie, om nie eers te praat van die werksplek nie. Deesdae word ons al hoe meer bewus van mense met gestremdhede. Daar is bv. spesiale parkering vir gestremdes, toeganklike winkelsentrums, vakansieplekke met toeganklike akkommodasie. Alle nuwe groot geboue wat gebou word moet aan spesifieke boueregulasies voldoen om sodoende getremdes in ag te neem. Arbeidsterapie is ook betrokke by bogenoemde aspekte. Dit is alles wonderlike vooruitgang vir mense met 'n gestremdheid. Wat die werksplek betref, is ons soms negatief oor regstellende aksie. Maar ek kan tog positief wees oor die feit dat mense met 'n gestremdheid ook in hierdie kategorie val!

Ek is dankbaar vir die mooi beroep wat die Here in sy skepping gegee het. Arbeidsterapeute kan dus mense help om hul roeping van elke dag te kan uitvoer. Om die Here te kan loof met alles wat in hul is (hul werk, take by die huis of spel), ten spyte van beperkings of gebreke. ☩

luister na wat ons Australiese susterkerke hieroor gesê het.

Vergewing beteken in die Skrif primêr kwytskelding van sonde en verwydering van skuld. Die woorde wat daarvoor gebruik word fokus op die opheffing, verwydering, kwytskelding of vrye vergifnis van skulde. Die gevolg van die vergewing is dat die skuldige vry is van die las van sy sonde of oortreding.

Vergewing kos 'n prys. Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie (Heb. 9:22), want die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Die diereoffers van die Ou Testament getuig daarvan. Ons Verlosser het gekom om hierdie offers te vervul. Hy het vergewing verwerf deur sy dood aan die kruis.

In sy Institusie gee Calvyn hierdie algemene omskrywing van ons vergewing: "Nie dat dit ons toekom om die skuld vir 'n oortreding of vergryp te vergewe nie, want dit is God se voorreg alleen. Ons vergiffenis is daarin geleë dat ons toorn, haat en wraakgierigheid uit ons harte moet laat vaar en die herinnering aan sulke onregte tot niet moet maak deur vrywillig daarvan te vergeet." (III.20.45).

In sy kommentaar op Matthéüs 18:14 maak Calvyn egter 'n tweevoudige onderskeid betreffende die manier waarop vergrype vergewe word:

In 'n sekere sin moet vergrype **onvoorwaardelik** (sonder bekering en belydenis) vergewe word. Hierdie vergewing behels dat jy geen wraak soek nie (Deut. 32:35; Rom. 12:19), dat jy die onreg met vriendelikheid beantwoord (Rom. 12:17), dat jy in jou hart geen haat teen die oortreder koester nie, maar dat jy hom wat jou



bewus tart, liefhet (Matt. 5:43, 44), terwyl jy deur elke soort van goeie werke sy guns en lof probeer wen (Rom. 12:21). In hierdie sin moet ons vergewe ook al het die oortreder hom nie bekeer nie. Maar waar daar geen bekering is nie, is daar ook geen versoening nie, want ons mag nog 'n ongunstige opinie oor hom

hê, volgens wat hy verdien (2 Tim. 4:14). In hierdie geval, waar daar geen bekering en geen begeerte na versoening is nie, sal die vergewing gevolglik baie beperk wees. In 'n ander sin, behoort vergrype **voorwaardelik** (waar daar berou is – Luk. 17:3, 4) vergewe te word. Hierdie vergewing bestaan daarin dat jy 'n broeder gunstig ontvang (Matt. 18:15), dat jy die onreg vergeet en gunstig van hom dink terwyl jy oortuig is dat die herinnering aan sy vergryp voor God uitgewis is. In hierdie geval moet ons gereed en bereid wees om vergewing te skenk, so dikwels as wat die sondaar hom bekeer. In die lig van die Skrif is dit aanvegbaar of Calvyn se eerste omskrywing van ons vergewing van ander eintlik "vergewing" genoem kan word. Die gesindheid en dade wat Calvyn as 'n vorm van vergewing beskou (geen wraak soek nie, onreg met vriendelikheid beantwoord, geen haat koester nie, elke soort van goeie werk probeer doen) kan beter beskryf word as die nodige gesindheid van een wat gewillig en bereid is om te vergewe. Hierdie houding kan bekering by die ander bevorder. Die tekste (Luk. 23:34, Hand. 7:60) wat Calvyn aanhaal om die idee van onvoorwaardelike vergewing te verdedig, staaf dit egter nie. Eerstens het geeneen van die bogenoemde tekste te doen met die situasie van een mens wat 'n ander mens vergewe nie. Albei tekste is gebede waarin God gevra word om die sondes van die oortreders te vergewe. Hierdie gebede moet in die lig van die hele Skrif gelees word, waarin duidelik geleer

word dat God net vergewe op die voorwaarde van bekering en belydenis. Christus en Stefanus bid albei dat God hul vervolgers wil vergewe en hulle hul sondes nie wil toereken nie. Die liefde wat Christene vir hul vyande moet toon, word hier sigbaar (Matt. 5:44 vv). Sulke gebede, ten aanhore van hul moordenaars, maak 'n groot indruk! Maar waar daar geen persoonlike oortuiging van skuld is nie (Hand. 2:37), waar bekering (Hand. 8:22) en die belydenis van skuld (1 Joh 1:9) en geloof in die soenoffer van Jesus Christus (Hand. 10:43) ontbreek, daar is by God vergewing onmoontlik. Immers, selfs nadat Jesus vir vergewing gebid het (omdat hulle nie geweet het wat hulle doen nie) het sy apostel Petrus, deur sy Gees, daardie Jode nog vir hul misdaad aanspreeklik gestel (Hand. 2:23). Die Here het die gebed van ons Heiland verhoor toe Hy die genade van bekering gegee het aan baie van die Jode in Jerusalem (Hand. 2:37-41, Hand. 6:7) waarvan sommiges dalk ook Christus se dood versoek het (Mk. 15:11). Die Here het die gebed van Stefanus verhoor toe hy die bekering van Saulus, wat Stefanus se dood goedgekeur het (Hand. 8:1), gegee het (Hand. 9). Hierdie tekste, wat ons leer om ons vyande lief te hê en vir hulle te bid, moet op 'n pastorale manier gehanteer word. Mense wat 'n groot trauma ondergaan het, soos hulle wat seksueel misbruik is, kan deur sulke lerings nog dieper in die put gedryf word. Dit vat gewoonlik tyd voordat slagoffers die punt bereik dat hulle vir hulle daders kan bid. Nógans moet ons aanhou om dit skandelik te noem dat een Christen die ander seksueel misbruik. Dit sal ook skadelik wees as ons weier om saam te werk sodat die burgerlike owerhede en die kerkraad die skuldiges respektiewelik regtelik en geestelik straf; of as ons so saamwerk dat die skuldiges die vergewing van Christus vir hulleself opeis terwyl hulle probeer om 'n eerlike en ruimhartige belydenis van skuld te ontwyk.

Normaalweg praat die Skrif oor die vergewing van sondes soos dit genoem word in die tweede aspek van Calvyn se definisie. Wat die vergewing van sondes deur mense betref, het Jesus geleer dat 'n persoon wat verontreg is, moet gaan en hom wat teen hom gesondig het moet bestraf (Matt. 18:15-18). As hy nie luister nie, laat dan getuies (Deut. 19:15-21) kom sodat die saak regtelik kan vasstaan. Opnuut word die kwaad of onreg, wat die getuies kan bevestig, aangespreek. Jesus herhaal dit in Lukas 17:1-4 wanneer Hy sê: "As jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom." Ons moet selfs bereid wees om dit sewe maal op 'n dag te doen (vers 4). In Mattheus 18:22 benadruk Jesus dit nog sterker deur te sê dat ons dit selfs tot sewentig maal sewe keer moet doen. Let daarop dat vergewing die sonde nie ignoreer of tolereer nie. Vergewing vra erkenning en bekering van die sonde. Hoewel dit vandag norm is om nie veroordelend te praat nie, leer die Bybel ons dat God boetvaardige sondaars hul tekortkomings en oortredings vergewe op grond van Christus se kruisdood (Hand 2:37-38). Dieselfde beginsel geld ook wanneer mense mekaar se oortredings vergewe. Skuldige gewetes (bv Ps. 38 en Ps. 51) moet deur belydenis en vergewing ontlas word (Jak. 5:16-18). Dit sou daarom volgens die primêre betekenis van die woord vergewing verkeerd wees om te sê dat vergewing geëis word selfs voordat 'n sondaar hom bekeer. Dit sou beteken dat geëis word dat die skuld of oortreding weggestuur of opgehef word ook al bly die sondaar in sy sonde volhard. Dit is

nie reg nie. Aan die ander kant beteken dit nie dat ons in die aardse gebrokenheid van die lewe nie in liefde 'n oortreding kan bedek nie (Spr. 10:12; 19:11; 1 Pet. 4:8). Dis inderdaad reg om te leer dat Christene, terwyl hulle hulle daarop voorberei om ander te vergewe, moet leer om wraaksug sowel as haatgevoelens en selfmedelye weg te doen. Hulle moet leer om nie kwaad met kwaad te vergeld nie, maar om daarna te strewe om die broer wat gesondig het te wen en vir hom te bid. Hulle moet ook gewillig wees om hom te help en volkome bereid wees om in hul hart die oortreding te vergewe, ook voordat die sondaar sy skuld erken (Rom. 12:9-21; 13:8-10; HK 40; 51). Dit kan 'n hele proses wees, veral waar baie diep seergemaak is, soos in die geval van seksuele misbruik. Die sondaar moet sy sonde bely, in sy hart en lewensstyl hom bekeer en die vergewing van die hemel en van die verontregte party op aarde soek (Jak. 5:16; Luk. 15:21). As daar skade is wat betaal moet word, moet hy dit doen (Ex. 22:1; 2 Sam. 12:6 en Spr. 6:31), soms selfs bo dit waartoe hy verplig is (bv Saggeüs, Luk 19:8; vgl Lev. 5:16 en Num. 5:5-10). Hul gewetes, geleer deur God en sy Woord, dring hulle daartoe om hemel en aarde in die oë te kyk deur vergewing te soek. 'n Sondaar mag nie toegelaat word om met sy sondes aan te gaan nie, aangesien dit net veroordeling oproep (1 Kor 5; 6:8-11; Gal 5:19-21; HK 32, V&A 87).

(Hierdie artikel is 'n vertaling van gronde van besluite van die Sinode Rockingham 2003 van die Free Reformed Churches of Australia, Handeling, artt 132,155,160) ✠

Temas wat in die volgende maande in KOMPAS bespreek gaan word:



September 2006: Heilige Gees
Oktober 2006: Seksualiteit
November 2006: Kerkhervorming
Desember 2006/
Januarie 2007: Feminisme

Dooplidmate in fokus by die nagmaaldiens



BRIEWE VAN LESERS

Geagte redaksie van Kompas

Die logo en naam *Kompas* waar-
onder u blad verskyn impliseer dat dit
'n wegwyser wil wees. U stel dan
ook dat *Kompas* 'n rigtingwyser vir
die Gereformeerde Lewe wil wees.
Ons mag dan aanneem dat u artikels
opbouend sal wees en die regte rigting
vir die Gereformeerde lewe en kerke
sal wees.

In die Februarie 2006-uitgawe stel die
redaksie dat daar nou 'n nuwe rubriek
geskep is waar die inhoud enigsins
uitlokkend van karakter sal wees, met
die doel om reaksie uit te lok. Ons
praat hier van die rubriek "Klip in
die bos". En dis reg so, die vlag dek
die lading en ons kan verwag dat die
inhoud beroering en bespreking sal
uitlok al dan nie, wat op die ou end
geen implikasie het vir die rus in die
gemeente nie. Ons mag verder aan-
neem dat die ander artikels nog die
regte rigting wys en die gerefor-
meerde lewe persoonlik en in die
gemeente sal bevorder.

In die Mei 2006-uitgawe verskyn
egter onder die rubriek "Kerklike
Lewe" 'n artikel "Dooplidmate in
fokus by die nagmaaldiens". Ek het
niks aan te merk op die inhoud nie,
want dit gaan nêrens in teen Skrif en
belydenis nie. Maar wanneer ons die
inhoud beoordeel aan die "rigting-
wyser vir die Gereformeerde lewe"
en ons trek die konsekwensie dat
alles wat daar geskrywe staan, in die
toekoms moontlik in die eredienste
van die Vrye Gereformeerde Kerke
in Suid-Afrika toegepas gaan word,
kan ek my voorstel dat hierdie artikel
onrus by lidmate sal skep.

In die lig van die feit dat kinders
onder andere in die NG Kerk hier in
Suid-Afrika aan die nagmaal kan
deelneem (wat hierdie artikel duide-
lik nie voorstaan nie) en met die onrus
en gevolge wat die "vernuwing" van
die liturgie in ons susterkerke in
Nederland gebring het, voor oë, is dit
verstaanbaar dat enige aanwysing in

dieselfde rigting onrus en teenstand
by lidmate sal opwek.

Dis baie jammer, want die "uitwas-
se en oormaat" van wat in 'n paar
gemeentes in Nederland die gevolg
van die "liturgiese vernuwing" was,
word baie meer benadruk as al die
mooi dinge wat dit tot gevolg het. Die
boodskap hier is egter dat daar baie
versigtig met vernuwing omgegaan
moet word en dat ons die rus in die
gemeente en onder die broederskap
(dit sluit die susters in) baie noukeurig
in ag moet neem met ons "rigtingwys".

Die bewuste artikel sou myns
insiens baie beter gepas het onder
die rubriek "Klip in die bos".

Met hartlike broedergroete

- Bert van Dalen

Uit die mond van kinders en suigelingelof vir God



Op my artikel "Dooplidmate in fokus
by die nagmaaldiens" in *Kompas* se
Mei 2006-uitgawe het daar nogal
kritiese reaksie gekom. Die brief van
br Bert van Dalen is een daarvan. Die
redaksie het my gevra om hierdie
brief te beantwoord – dit doen ek
graag. Gebrek aan ruimte sal my
ongelukkig nie toelaat om ook ander
moontlike reaksies enigsins aan te

spreek nie. Dalk is dit 'n mooi idee
om as opvolg van die lang reeks oor
die liturgie in *Kompas* wat einde ver-
lede jaar geëindig het, nou spesifieke
aktuele vraagstellings oor die liturgie
aan die orde te stel. Die plek van die
dooplidmate in die erediens sou nie
die onbelangrikste tema wees nie.

Vrede

Laat ek eerlik wees – dit is vir my
baie moeilik om die spesifieke brief
en ook ander reaksies te beantwoord.
Die rede is nie dat ek verleë is deur
'n moontlike gebrek aan 'n antwoord
nie. My probleem is dat nie een van
die afwysende reaksies wat ek ont-
vang het, op die inhoudelike van my
artikel ingaan nie. Die brief van br
Van Dalen is 'n voorbeeld daarvan.

Wat moet 'n mens antwoord as daar
geen standpunt gestel of op die
inhoudelike van my artikel ingegaan
word nie?

Die punt van br Van Dalen se
skrywe, indien ek dit reg lees, is dat
ons met liturgiese verandering die
vrede in die kerke moet dien. Uit die
aard van die saak sal hiermee die
vrede van Christus bedoel word. Dan
is ons dit tog van harte eens. Wie sal
nie juis so wil werk dat Christus se
regering al duideliker word in die lewe
van die gemeente nie? Indien onder
die term "vrede" een of ander stadiese
toestand waarin die kerk moet ver-
keer, bedoel word, sal ek wel daar-
mee verskil. Vrede in die kerk is daar
waar die vrede wat Christus bring,

tot sy reg kom. Dit wil egter niks afbreuk doen aan die kerk as 'n strydende kerk wat mag stry vanuit die oorwinning wat Christus reeds behaal het nie. Die "stil en rustige lewe" waarvan Paulus in 1 Timotheüs 2 praat, staan in kontras met 'n revolusionêre lewensgevoel of ontevrede houding. Paulus praat van die rus wat die evangelie van Christus bring wanneer ons leef vanuit die versoening wat deur die een Middelaar Jesus Christus tussen God en mense gebring is (1 Tim 2:1–15). Die "stil en rustige" lewe is bepaald geen lewe van ongestoorde kerklike aktiwiteite of oorleweringe nie.

Dooplidmate in fokus

Vanuit hierdie rus in Christus mag en moet ons sekerlik gedurig bly besin oor die manier waarop die hele gemeente van God saamkom om die Here te aanbid. En juis dit is so nodig. Laat my toe om te probeer aandui wat een van my beweegredes was met die skryf van my artikel.

Ek wou eerlik wees oor my eie swak punte in die hantering van die erediens. Met name by die hantering van die jonger lidmate voel ek myself heel onhandig en onwys. Ek het verseker nie een of ander uitstaande gawe om kinders by die erediens te betrek nie. Dit beteken egter nie dat ek dit nie graag wil doen nie. En ook beteken dit daarom nie dat ek nie oortuig is dat daar 'n veel groter aandag vir die geloofsoordrag aan die kerkjeug tydens die erediens behoort te wees nie. Laat ek vir myself praat – daar moet in die dienste waarin ek as voorganger leiding gee, veel meer gedoen word. En ek soek ander wat saam wil nadink. Een manier om ander se insette te kry, is om daarvoor te begin praat. Te hoor hoe ander dit doen. Te leer by ander.

Die plek van die dooplidmate in die erediens kom in my artikel nie ter sprake omdat daar skielik by my simpatie gekom het vir 'n selfgesentreerde aandag wat die jeug vir hulleself sou

vra nie. Die teendeel is eerder waar. My bekommernis is dat die jeug dikwels maar al te tevrede is om meer toeskouer as deelnemer in die eredienste te wees. As pa kyk ek na my eie kinders tydens die erediens. Ek vra myself af of die manier van deelneem die beste moontlike manier is om hulle in hul geloof verder te help. Kry hulle geleentheid om hul geloof te verwoord? U sou kon sê dat ek nie my probleem u probleem moet maak nie. Goed en wel, maar in die katkisasieklasse is ek wel met kinders van die gemeente besig. En daar word dit vir my duidelik dat daar geen goed ontwikkelde aanbidding van die Here tydens die eredienste by die kerkjeug aanwesig is nie. Ek probeer in my katkisasieklasse aanpas by die jeug se denkvlakke, d.i. hulle emosionele en kognitiewe ontwikkelingsfases. Waarom doen ek dit nie ook veel meer tydens die eredienste nie?

Aanbidding

In my paar jaar ervaring as predikant lyk dit verder vir my asof die aanbidding deur die gemeentes vir 'n groot deel opgaan in die saamkom om te luister na die dominee se preek. Alles wat verder in die erediens gebeur, vorm eintlik maar net 'n mooi raamwerk rondom die preek. Alle aandag is daar vir die preek. Die sang word 'n "antwoord op die preek". Die gebed word die gemeente se "antwoord op die preek".

Ek vra myself die vraag af of ons nog sig het op sang, gebed, offergawes, die votum, seën en seëngroet as selfstandige elemente van die erediens. Ten onregte word deur talle mense in ons gemeentes gestel dat die preek die middelpunt van die erediens vorm. Dit is ten onregte, aangesien op hierdie manier God self uit die middelpunt gedruk word. Met die beste bedoelings sal gemeentelede my gereeld herinner dat hulle vir my bid in die voorbereiding van die preek. Dit is mooi en ek voel my gedra deur die gebede van die gemeente. Maar

dit laat steeds by my die gevoel dat die gemeentelede self na die erediens kom bloot as toeskouers of op sy beste as "toe-hoorders". Asof die samekomste vir die uitvoering van die diens van die predikant is. Die erediens is tog bedoel as hoogtepunt in die omgang tussen God en sy gemeente. Ons geloof mag versterk word. Maar dit moet ook ge-uit word. Dit gaan oor God wat deur die gemeente aanbid moet word. Hoe kan ons die nagmaal-erediens (naas die preek!) benut om die kerkjeug te herinner en aan te moedig om hulle al meer in aanbidding aan Christus oor te gee?

Liturgiese bewuswording

Ek hoor in die skrywe van br Van Dalen duidelik iets van 'n vrees vir liturgiese vernuwing. Miskien is ek minder bang daarvoor as hy, maar ek dink ons is as kerke nog lank nie eers by liturgiese vernuwing nie. Ek dink ons moet eers kom tot 'n veel groter liturgiese bewuswording. Ons sterkste punt as Vrye Gereformeerde Kerke is verseker nie 'n goed ontwikkelde liturgiese bewussyn nie. Die bewussyn dat ons voorbereiding vir die erediens nie klaar is wanneer ons vir die dominee se preek gebed het en goed daarna geluister het nie. Ek wil vra of ons as gemeente na die erediens kom om self die Here te aanbid. Sy lof te besing. Verkondig ons aan mekaar die wonders van God deur Psalms, gesange en geestelike liedere? Bring ons nog ons geldelike bydraes as 'n goed deurdagte geloofsdaad?

Ek sal veel meer hieroor kon uitbrei, maar ek hoop dat ek hiermee 'n aanduiding kon gee van die motiewe wat my besig gehou het in die artikel wat heelparty ontstem het. Reaksie op die inhoudelike van my artikel word steeds op prys gestel, sodat ons saam lewende kerk van Christus kan bly.

- E Viljoen

✠

Skool en Geloofsopvoeding

J van Bruggen

ONDERWYS EN OPVOEDING

Wat verwag gelowige ouers van 'n Christelike skool?

Vir die meeste gereformeerde ouers is die verband tussen geloofsopvoeding in die gesin en by die skool belangrik. Maar wat verwag gelowige ouers van 'n Christelike skool?

Baie ouers gaan uit van 'n feitlik hermeties geslote driehoek gesin-kerk-skool. Die geloofsopvoeding moet binne hierdie driehoek plaasvind. Die kinders leer die kerk ken deur middel van die weeklikse eredienste, kate-gese en jeugvereniging. Hierdie werk staan onder opsig en tug van die kerkraad. Die harmonie tussen gesin en kerk blyk oor die algemeen bevredigend te wees.

By die skool (ook as dit 'n kerkgebonde skool is) is die beheer deur die ouers of die kerkraad baie minder of selfs afwesig. Die gevolg is dat ouers kritiese vrae begin stel en aandringing op absolute integrasie tussen gesin en skool betreffende oortuigings en gedrag. Ander ouers sal hulself juis afsydig hou van die skool: laat hulle daar tog *onderwys* gee, dan sal die gesin hom besig hou met die sake van geloof en lewe.

Dit lyk asof hierdie twee standpunte teenoor mekaar staan. Dit is egter uiteenlopende uitwerkings van dieselfde basiese instelling: ouers wil hul kinders *beskerm* teen ongelooft en laat *opgroei* tot geloof. Hulle voel hul in sekere mate deur die skool bedreig en wil hierdie bedreiging te bowe kom, hetsy deur die skool in te sluit in die driehoek van gesin, kerk en skool, hetsy deur die skool juis daarbuite te plaas.

Sorg vir God se jeug

God se kinders het hul beskermengele, wat in direkte kontak met die hemelse Vader staan. Daarom sê ons Heiland: "Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie". Hierdie waarskuwing volg op die konkrete aansporing om geen struikelblokke

op die pad van die kleintjies te plaas nie. Die struikelblokke moet wel kom, maar wee die mens deur wie die struikelblokke kom! (Matthéüs 18:6-10).

Die uitwerking van dié gebod is vir ouers heeltemal anders as vir die kerk of die skool. Ouers het 'n integrale opvoedingsopdrag en 'n besondere gesag. Skole het slegs 'n onderwysopdrag. Tog geld vir die Christenonderwyser ook in sy of haar werk: "Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie". Aan 'n Christelike skool sal die onderwys op so 'n manier gegee moet word dat 'n mens bedag is op die waarde van die teer en nog kwesbare geloof wat God in die kinders van gelowige ouers werk. Hierdie geloof moet deur Christelike kennis van die skepping verdiep en versterk word.

Dan hoef die skool nie noodwendig 'n verlengstuk van die geloofsopvoeding deur die gesin en die kerk te wees nie. Die skool kom vanuit 'n ander rigting en met 'n totaal ander opdrag. Van 'n Christelike skool mag egter verwag word dat hulle bedag is op 'n ongehinderde groei in die geloof. Die skool, met sy eie opdrag, mag die kind, wat moet opgroei en moet sterk word in die geloof, nie in die pad staan nie. En aangesien daar deesdae baie struikelblokke vir die kinders van God op hul pad geplaas word, moet die skool ook daarop bedag wees om dié struikelblokke soveel as moontlik te verwyder. Daarom is hy verantwoordelik vir die goeie sorg wat, ook by die oordrag van kennis, bestee moet word aan die opbou van ware *Christelike* kennis.

Tieners en hul dinge


Die leeftydsgroep van 12–18 jaar is van besondere belang. Dit is die hoërskoolstadium van die kind met sy spesifieke uitdagings. Dit is 'n groei-

fase waarin die jongeling met wyse hand begelei moet word om te verseker dat hy/sy nie ontspoor nie. Vanweë dié groei is die beskerming baie belangrik. Beskerming beteken egter nie dat die kind versmoor in 'n afgeslote ruimte nie. Neem die kind altyd ernstig op, ook al weet 'n

mens dat 'n belangrike deel van sy houding en vrae na 'n paar jaar sal verander. Die kind moet groei deurdat ons hom help en na hom luister. Waak daarteen om die jongeres te vermaan met geykte gereformeerde aanhalings. Ook al het die ouers self geen behoefte daaraan om die verworwe kennis te verantwoord nie: die jongeres word die beste beskerm deur juis dié verantwoording (na vermoë) deur te gee. Dit geld by die skool vir die onderwyser, maar ook by die huis vir die ouers.

Mense sê soms: laat die skool ons kinders daarop voorberei om selfstandig en weerbaar as jong Christene in die samelewing te kan staan. Maar dan word vergeet dat die skool 'n onderwysinstituut is en ook dat dit nie beroepsgerigte onderwys gee nie. Juis die gesin staan *midde-in* die samelewing en is 'n leerskool vir die regte lewenshouding. Hoe word in die gesinne gepraat oor werk, oor bevordering, oor nie-Christelike kollegas, oor geldbesteding? En word die praktyk van ouers en gesin bewus daardeur gestempel?

Baie jongmense wat kerkgebonde skole (bv. 'n gereformeerde skool) bygewoon het, is later verbaas dat wêreldse mense so aangenaam kan wees en dat dit glad nie so sleg is in die samelewing as wat hulle verwag het nie. As 'n reaksie hierop raak hulle onoplettend. Tog kan die skool in hierdie opsig nie so 'n groot bydrae lewer nie. Onderwysers kan daarop let dat hulle nie 'n swart-wit beeld van die wêreld gee nie en dat hulle goed onderskei tussen persone en ideologieë. Dit is egter minstens so belangrik dat die gesin nie die indruk wek dat die norme en waardes wat op skool



Eienaar en uitgewer:**Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Redaksie:

Greet de Vries

Hans Moes

Petro Hofsink

Juil Douma

Redaksieadres:

e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb.**u Naam & Lidnr****Intekengelde (per jaar):**

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	•10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	•30
	Lugpos	•40

aangeleer word, sonder meer 'n aanduiding is van die grense wat deur die maatskaplike lewe loop nie. Ouers kan deur hul omgang met ander mense van beter weet en behoort dan ook hul kinders deur middel van gesprekke beter voor te lig.

Die onderwysers behoort 'n eg *Christelike* visie vir die onderskeie vakgebiede te ontwikkel. Dit is 'n taak wat die besture ook bo-aan hul prioriteitslys moet plaas. Dit kos dikwels baie tyd om nuwe onderwysers aan te stel, maar dit is nog meer die tyd en aandag werd om daarvoor te sorg dat die jong onderwyser nie losgelaat word nie, maar hulp kry (sowel ekstern as intern) vir die religieuse integrasie van sy of haar studie, wat dikwels plaasvind aan 'n nie-Christelike universiteit of onderwyskollege.

Etiese diversiteit

Dit gebeur soms dat ouers die skool of die onderwysers as te "modern" of juis te "outyds" beskou. Ook kan daar tussen onderwysers onderling 'n groot diversiteit in die beoordeling van etiese sake wees. Wat nou gemaak? Onderwysers is nie verlengstukke van die ouers nie en andersom is die ouers nie die speelbal van die onderwysers nie. Hulle is nie aan mekaar onderworpe nie, maar saam aan Christus. Hulle is, elkeen op sy eie manier, verantwoordelik vir die beskerming van die kind wat aan hul sorg toevertrou is. Dit is van groot belang dat hierdie gesamentlike onderwerping en opdrag ook steeds bewus beleef word. In gesamentlike gebed, in die oop gesprek met mekaar oor ons hoop en ons geloof. Het die bestuur genoeg kennis van hierdie sake? Of is dit so dat die onderwysers hulself afsydig hou van ledevergaderings en die bestuurslede op 'n redelik groot afstand die inhoudelike skoolgebeure waarneem? As daar tussen die onderwysers onderling nouliks sprake van 'n verbondenheid in die geloofsfeer sou wees, kan daar van die skoolsfeer vir die kinders nie soveel verwag word nie.

Hier het ons nou die mees gevoelige en daarom die mees genoemde aspekte van die onderwys. Dit alles

het regstreeks te make met die doel van die skool en die roeping van die ouers. Daarom moet hier met goeie oorlegpleging baie sorgvuldig te werk gegaan word. In die "skoolatmosfeer" kom eintlik alles bymekaar.

Die ouers moet aktief bewus bly van hul eie geloofsroeping en dus ook van hul betrokkenheid by die skool. In die eerste plek moet hierdie bewustheid gevoed word via die prediking. Aan die ander kant kan die skool egter ook ondersteunend besig wees deur van tyd tot tyd d.m.v. voorligting en opoueraande die doelstellings van die skool bewus aan die orde te stel. Dit sou baie gevaarlik wees wanneer dit as vanselfsprekend beskou word dat gelowige ouers hul kind na 'n Christelike skool stuur. Dit is 'n opdrag van sodanige skool om toekomstige ouers bewus te maak van die belang van onderwys wat die geloofsopvoeding by die huis ondersteun.

Die skool moet oopstaan vir vrae van die ouers. Vanaf die vraag hoekom die pouses nie korter of langer kan wees nie, tot die vraag hoekom "mnr Van der Merwe" in die klas bespreek word. Vanaf die vraag of die Nuwe Bybelvertaling in die klas gebruik mag word, tot die vraag na die behoud van oueraande.

Ten slotte

Die gemeenskaplike doel (nl. die eer van Christus deur die opvoeding en beskerming van die kinders van gelowiges) vereis voortdurende oorlegpleging tussen die ouers en die skool. Dit is onmoontlik om die verantwoordelikhede wat hier lê, te deleger binne 'n aantal formele strukture. Uiteindelik is die skool en die ouers so Christelik soos die hart en lewe van vaders, moeders en onderwysers. Daarom moet ouers en skole in hul totaliteit gedra word deur 'n voortdurende gebed om die vervulling met die Heilige Gees. Slegs die Gees kan ons lei tot die doel van God se eer. En slegs deur die Gees van Christus kan die skool en die ouers van nut wees vir die kinders van die gelowiges.

Verwerking van 'n artikel deur J van Bruggen in: De Reformatie, jaargang 66, no 32, 11 Mei 1991. □